

HOOFSTUK DRIE

DIE ONDERWYS- EN VOORLIGTINGSITUASIE VAN DIE BRUINJEUGDIGE

3.1 INLEIDING

"The vision for South Africa encompasses a prosperous, truly united, democratic and internationally competitive country with literate, creative and critical citizens, leading productive, self-fulfilled lives free of violence, discrimination and prejudice" (Department of Education, March 1997:47). Opvoeding en opleiding is basiese menseregte en alle burgers van die land moet die geleentheid gebied word om ongeag van ras, klas, geslag of ouderdom, hul gegewe potensiaal te ontwikkel en 'n bydrae tot die samelewing te maak, aldus die "White Paper on Education and Training" (Department of Education, March, 1995:21).

Uit die vorige hoofstuk het geblyk dat die Bruinjeugdige as Eersterustinwoner hom in omstandighede bevind met verskeie ongunstige faktore wat kan meewerk om sy toekoms uitsigloos te maak. Die Bruinjeugdige bevind hom in die adolessente-fase wat verskeie veranderings en aanpassings impliseer. Die ongunstige politieke situasie van die verlede waarin daar teenoor die Bruinmens onreg gepleeg is en die ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede wat maatskaplike probleme soos onder andere armoede en té vroeë skoolverlating insluit, skets die situasie waarin die oorgrote meerderheid Bruinjeugdiges in Eersterust hul bevind het en moontlik nog steeds bevind. 'n Faktor wat verder verswarend inwerk op die Bruinjeugdige se geleentheid tot 'n gunstige toekoms is die onderwys- en voorligtingvoorsiening aan Bruin- en Swartjeugdige wat in die verlede onvoldoende en ontoereikend was. Van Zyl Slabbert *et al* (1994:103) se "Youth Report" meld die volgende in dié verband: *"Secondary schooling, although expanding rapidly, is inadequate in respect of availability, relevance to the job market or preparation for post-secondary education. It is no wonder the dropout rate is so high and that large numbers of young people leave school inadequately prepared to meet the demands of a modern commercial and technological world and find themselves alienated from society"*.

Die Bruinjeugdige in Eersterust is gevolglik aangewese op toepaslike onderwys- en voorligtingvoorsiening wat sy geleentheid en toekomsprospektief kan bevorder. Die hoofdoelwit van onderwys is om aan die jeugdige hulp te verleen om 'n produktiewe en waardevolle lid van sy gemeenskap en veral 'n waardevolle burger van die land en die land se ekonomie en algemene welvaart uiteindelik te word. 'n Groot hoeveelheid Eersterust-jeugdige blyk egter nog nie hiertoe in staat te wees nie. (vergeelyk paragraaf 4.2 vir die versoek aan die Universiteit van Pretoria om akademiese hulp te

verleen aan die jeugdige van Eersterust Sekondêr Nommer Een). Die noodsaak aan toepaslike voorligtingsprogramme en veral voorligtingsverrykingprogramme om die Bruinjeugdige te Eersterust uit sy vasgelopenheid te begelei en voor te lig, blyk dus noodsaaklik te wees. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het onder andere ten doel gehad om die betrokke jeugdige voor te lig en berading te gee waar nodig, ten einde sy Godgegewe talente en vermoëns te ontwikkel en om hom voor te berei vir die veeleisende snel veranderende wêreld van werk. Msimeki (1988:228) maak die volgende uitspraak rakende voorligting ten aansien van die wêreld van werk, wat weer eens die erns van toereikende voorligting aan die jeugdige beklemtoon: *"A person's career is more than a means of earning a livelihood. It is a way of life. It is one of the most potent mediums by which a person realises his potentialities. The individual's career enables him to actualise himself in terms of his physical, psychological, socio-cultural and spiritual characteristics. His self-knowledge, his social prowess and his education are important for the person's self-actualization in his career"*.

Hierdie hoofstuk dien saam met die vorige hoofstuk as agtergrond en uitwysing van die noodsaak aan 'n voorligtingsverrykingsprogram aan die Bruinjeugdige te Eersterust. Vervolgens gaan aandag geskenk word aan die historiese en resente onderwys- en voorligtingvoorsiening aan die Bruinjeugdige. Hierdie genoemde bespreking gaan insluit multikulturele onderwys en -voorligting en ook die resente beleidsdokumente wat as huidige en toekomstige rigtingaanduiders dien vir die opvoeding en voorligting van die jeug.

3.2 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONDERWYS EN VOORLIGTING AAN DIE BRUINJEUGDIGE EN DIE ONTWIKKELING VAN VOORLIGTING AAN DIE BRUINJEUGDIGE

Die onderwysvoorsiening aan die Bruinjeugdige gaan vervolgens eers vanuit 'n historiese oorsig belig word en daarna sal die ontwikkeling van die voorligtingvoorsiening aan die Bruinjeugdige bespreek word.

3.2.1 Die onderwysinhoud en -voorsiening aan die Bruinkind vanuit 'n historiese perspektief.

Onderwys word volgens die "Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal" (Odendal et al, 1997:727) soos volg gedefinieer 1). "*Lesse, onderrig in verskillende vakke*" en 2). "*Les gee, onderrig, leer*". Reeds sedert 1658 is daar volgens Du Toit in (Theron & Du Toit, 1977:26) en Theron (red.) (1964:140) voorsiening gemaak vir die onderwys van die Nie-blankes in die Kaapprovinsie, onder toesig

van die kerk, met die doel om slawekinders Hollands te leer en van hulle Christene te maak. Eers in 1893 was afsonderlike onderwysvoorsiening vir Blank en Nie-blank gemaak en van 1905 af het die Kaapse skoolraad begin om hierdie beginsel konsekwent toe te pas. Die Bruinkinders was in 1911 deur wetgewing verbied om skole vir Blankes by te woon. In die destydse Transvaalprovinsie was vanaf 1860 volgens Du Toit (in Theron & Du Toit, 1977:26) en Theron (red.) (1964:142) onder die Bruinmense begin met skole deur die sendinggemeentes van onder andere die Nederduits-Gereformeerde kerk en die Engelse-, Wesleyaanse- en Switserse sending.

Volgens Du Toit (in Theron & Du Toit, 1977:26) was daar vanaf 1903 voorsiening gemaak vir die daarstelling van skole vir Nie-Blankes en vir die betaling van toelae aan sendingskole. Van Schalkwyk (1977:118) is van mening dat die Transvaalse Onderwyswet nommer 25 van 1907 ondubbelsinnig die stigting en onderhoud van Bruinskole as 'n taak van die Onderwysdepartement omskrywe het en was groot vordering gemaak aangesien die staat volle verantwoordelikheid vir Bruinonderwys begin dra het. Artikel 29 van dié Wet het bepaal dat geen Bruinmens tot 'n regeringskool vir Blankes toegelaat mag word het nie.

Van Schalkwyk (1977:119) beweer dat daar met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 afsonderlike onderwysgeleenthede vir die Blanke-, Bruin-, Indiër en Swartbevolkingsgroepe geskep was. Na Uniewording het die sendingkerke steeds voortgegaan om die hoofverantwoordelikheid van onderwysvoorsiening vir die Bruinmense te aanvaar (Van Schalkwyk, 1977:101). Volgens Theron (red.) (1964:143) was die Bruinskole gestig met dien verstande dat vir dieselfde getal leerders, Bruinskole een graad laer as skole vir Blankes gegradeer moes word, wat gevolglik geïmpliseer het dat Bruinskole gewoonlik in gehuurde geboue waarvan die toestand deurgaans swak was, gehuisves was. Uit inspekteursverslae het dit reeds teen 1917 duidelik geword dat die Bruinmense leerplanne en skole wou hê wat in wese nie van die Blankes verskil het nie en in 1924 is gedeeltelik aan die versoek toegegee en in 1934 is die leerplan vervang deur leerplanne soortgelyk aan dié van Blanke skole (Van Schalkwyk, 1977:107). Theron (red.) (1964:143) wys ook daarop dat die inspekteurs van Bruinskole in Transvaal in 1923 die mening uitgespreek het dat daar ondersoek ingestel moes word na meer praktiese leerplanne, aangesien die bestaande leerplanne en kursusse nie geskik was nie.

Van Schalkwyk (1977:100) wys daarop dat die Bruinmense aan die begin van die 20 ste eeu sterk begin aandring het op sekondêre onderwys vir hulle kinders. Hy meld verder dat sekondêre onderwys vir die Bruinmense opgedeel was in twee fases naamlik, 'n junior sekondêre (standerds vyf, ses en sewe) en 'n senior sekondêre fase (standerds agt tot tien). Die junior sekondêre kursus het ten doel gehad om onderwys van 'n algemeen vormende aard te verskaf wat as oorgang tussen die senior primêre- en die senior sekondêre skoolfasies sal dien. Dié junior sekondêre kursus het verkenning op 'n brêe vlak gebied wat die leerders in staat gestel het om in die senior sekondêre skoolfase 'n studierigting te kies in ooreenstemming met hulle bekwaamhede, aanlegte en belangstellings (Van Schalkwyk, 1977: 148). Theron (red.) (1964:147) meld egter dat baie min aandag aan loopbaangerigte onderwys vir die

Bruinmense in die verlede geskenk was. Sharpes (1994:75) benadruk dan ook die noodsaak aan voorbereiding van die sekondêre leerder vir die wêreld van werk: *“Preparing them for the world in which they will work need to be as essential as part of their education as understanding their job”*

Ntsimane (1994:58) noem dat met die verkiesing van 26 Mei 1948 die Afrikaner en die Nasionale Party aan bewind gekom het. Nasionalisme het hoogty gevier en aparte ontwikkeling het tot stand gekom ten aansien van alle aspekte van die lewe. Gevolglik het onderwyswette soos dié van 1963 vir die Bruinmense gevolg, die “Wet op onderwys vir Kleurlinge”, Wet no. 47 van 1963. Daarvolgens is die Blanke Provinsiale Administrasies se beheer oor Bruinonderwys beëindig en is die beheer aan ‘n sentrale staatsdepartement, die “Departement van Kleurlingsake” toevertrou. Volgens die dokument “Outcomes Based Education in South Africa” (Department of Education, 1997:9) is ‘n nuwe konstitusie aangeneem in 1983, “Wet 110 van 1983” en was vier onderwysdepartemente met die Huis van Verteenwoordigers geskep vir die Bruinmense en het die vier onderwysstelsels onafhanklik van mekaar gefunksioneer.

Volgens Backman (1991:119) was die onderwys van die Bruinmens sedert die vroeë veertigerjare in ‘n onstabiele posisie, vanweë die Bruinmense se ontevredenheid met die onderwyssisteem en die politiese faktore in Suid-Afrika (die ontevredenheid met die apartheidswetgewing) en ook die politiese faktore van die res van die wêreld (vergelyk paragraaf 2.8.2). In Junie 1980 het die destydse regering gevolglik die ‘Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing’ versoek om alle aspekte van die onderwys te ondersoek. “Die De Lange Kommissie” het ondersoek ingestel na die onderwyssituasie en die belangrikste aanbeveling was dat almal, ongeag van ras, kleur of geslag gelyke onderwysgeleenthede gegun moes word (Backman, 1991:139). Volgens Naicker (1996:56) het die krisis in onderwys tydens 1984 en 1985 geïntensiveer en dwarsdeur die vroeë 1990’s was chaos en wanorde in die onderwys aan die orde van die dag.

Hickson & Kriegler (1996:72) meld dat die Bruinkind se skolastiese vordering en ontwikkeling in die verlede gestrem was deur oorvol klaskamers, ‘n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers, onvoldoende onderwysvoorsiening en ook die familielewe wat onstabiel was. Hierdie was faktore wat die Bruinkind se leefwêreld ongunstig beïnvloed het. Ten aansien van die onderwysers se kwalifikasies noem Hickson & Kriegler (1996:72) dat ongeveer een derde nie hul matriekeksamen voltooi het nie en net 4% beskik oor universiteitsgrade. Laugsch (1996:137) vind aansluiting hierby as hy meld dat in 1990 net 59% van die Bruinonderwysers die minimum kwalifikasie gehad het en hy is van mening dat die Bruinkinders deur swak opgeleide onderwysers onderrig word. Volgens Fitzgerald (in Hickson & Kriegler, 1996:72) is die onderwyser-tot-leerder ratio ongeveer 1:29 en net ses van elke 100 leerders behaal hul matrieksertifikaat.

Volgens die “White paper on Education and Training” (Department of Education, 1995:18) het die Swartbevolking gevolg deur die Bruinbevolking, die grootste tekort aan die voorsiening van basiese dienste en die laagste toegangsvlak tot ‘n beter kwaliteit lewe. Laugsch (1996:136) meld ook dat die

onderwys van die Bruin- en Swartkind die swakste ondersteun was en voor voorsiening gemaak was vanaf owerheidsweë. Backman (1991:72) vind aansluiting by dié stelling en noem dat dit blyk dat daar altyd 'n tekort aan fondse was vir Bruinonderwys. Volgens Sonn (1994:9) is die volgende kapita aan onderwys per ras volgens die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (1993) spandeer in 1991: Aan die Swartmense R1, 248, aan die Bruinmense R2, 701 ('n aparte kategorie het bestaan vir mense met gemengde bloed) en R4, 448 aan die Blankes. Theron & Du Toit (1977:31) wys op die knelpunte om 'n tekort aan skoolakkommodasie onder die Bruinmense wat onder andere aan die beskikbaarheid van genoeg fondse toegeskryf kan word. Filander (1992:132) konstateer dat ten spyte van die program van 1983-1987 om onderwysfasiliteite vir die Bruinmense op te rig, was daar nog steeds 'n tekort aan klaskamerakkommodasie in die Bruinskole.

Theron & Du Toit (1977:30) stel dit dat die hoë persentasie uitsakking van leerders beslis een van die verskynsels is wat die skolastiese vordering en die peil van ontwikkeling van die Bruinbevolking ongunstig beïnvloed het. Terwyl daar byvoorbeeld in 1964 'n totaal van 85 089 leerders in substanderd A ingeskryf het, was daar in 1974 net 5 777 (6,8 %) in standerd nege. Filander (1992:148) meld dat daar in 1985, 69 840 vroeë skoolverlaters was en gedurende 1986, 53 689 vroeë Bruin skoolverlaters. Volgens hom het die vroeë skoolverlating 'n negatiewe effek op die Bruinmense se onderwys. Volgens Theron & Du Toit (1977:30) kan die betreklik hoë uitsaksyfer toegeskryf word aan faktore soos die swakker sosio- ekonomiese omstandighede van die Bruinbevolking in die algemeen, die noodsaaklikheid en/of groter behoefte van leerders om op 'n vroeë ouderdom tot die arbeidsmark toe te tree, swakker aanpassing en gemotiveerdheid om te studeer en die feit dat skoolplig nog nie algemeen en/of effektief toegepas kon word nie (vergelyk paragraaf 2.9.2). In 1974 is skoolplig progressief op 'n landswye basis volgens Van Schalkwyk (1977:183) ingestel vir die Bruinkinders en vanaf sewejarige ouderdom totdat hulle 14-jarige ouderdom bereik het. Volgens Theron & Du Toit (1977:31) sou moontlik alle sewe tot 16 jariges teen 1983 skoolpligtig wees. Die skoolpligdigheid was ingestel om die probleem van uitsakking deur die Bruinkind te probeer onderskep.

Theron & Du Toit (1977:36) maak melding van die feit, dat vanaf 1910 tot 1959 kon Bruinstudente aan "oop" residensiële universiteite soos Kaapstad, Natal en die Witwatersrand studeer het. Sedert 1959 egter is "Wet 45 van 1959" in Februarie 1960 daar gestel wat die Universiteitskollege van Wes-Kaapland ingevolge die Regeringsbeleid as afsonderlike residensiële universiteite vir die onderskeie bevolkingsgroepe daar gestel het. Hierdie genoemde wet het 'n aparte universiteit vir die Bruinmense geïmpliseer. Die Theronkommissie het egter aanbeveel dat alle universiteite vir die Bruinmense op voorgraadse- en nagraadse vlak oopgestel word (Theron & Du Toit, 1977:38). Naicker (1996:2270) wys daarop dat die Bruinmense se inskrywing aan universiteite relatief laag was in die 1960's en die 1970's, maar van toe af was daar 'n beduidende toename aan inskrywings (in 1965 was 1.9% Bruin ingeskrewe studente en teen 1992, 5.6%).

Ntsimane (1994:119) is van mening dat die tekortkominge in die Bruinonderwys toegeskryf kan word aan die sosio-ekonomiese status, die afwesigheid van 'n leerkultuur en aan probleme in die samelewing (vergelyk paragraaf 2.9). Van Zyl Slabbert *et al* (1994:116) wys daarop dat die doel van onderwys is om die individu voor te berei vir sosiale, ekonomiese en politieke deelname in die land. Hy is verder van mening dat die onderwys wat die Suid-Afrikaanse jeug ontvang het, irrelevant was vir hulle behoeftes en dié van die wêreld van werk en dat die vorige onderwysstelsel nie daarin kon slaag om die jeug van kwaliteit skoolvoorgligting te voorsien nie (Van Zyl Slabbert *et al*, 1994:109-110).

3.2.2 Die ontwikkeling van voorligting aan die Bruinjeugdige.

Die begrippe 'voorligting' en 'berading' word onderskeidelik volgens die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting" (Departement van Onderwys, 1995:4-5) onder meer soos volg gedefinieer: "'n *Ondersteunings-, ontwikkelings- en voorkomingsprogram wat op groot groepe leerders gerig is, wat kontekstueel sensitief is vir die demokratiese ideaal en die behoeftes van die leerder en die gemeenskap en wat die leerder sistematies deur persoonlike, sosiale, akademiese en beroepsontwikkeling ondersteun sodat hy/sy 'n betekenisvolle rol in die samelewing kan vervul*". 'Berading' ("counselling") verwys na: "*Individuele en kleingroepintervensie wat daarop gerig is om ondersteuning te gee aan diegene met spesifieke probleme/behoeftes sodat hulle dit effektief sal kan hanteer en 'n proses wat ontwikkelend van aard is, maar ook ondersteunend, voorkomend en helend*" (vergelyk paragraaf 1.3.3.3 (3)).

Voorligting en berading is volgens Modise (1997:1) amptelik in die 1960's in die Suid-Afrikaanse sekondêre skole geïmplementeer deur "The National Education Policy Act 1967" (Act 39 of 1967) as 'n nie-eksamineringvak. Volgens Fredericks (1991:8) is voorligting in die Bruinskole 'n relatiewe nuwe fenomeen. Livingstone (1984:124) meld dat die voorligtingsmodel in die Bruin- en Swartskole die model van die Blanke skole as basis nagevolg het. Die voorligtingsmodel in die Blanke skole se doelwitte was ambisieus en gebaseer op die Noord-Amerikaanse model vir voorligting. Volgens Beukes & Weideman (1983:24) is die amptelike doelstellings met skoolvoorgligting deur die destydse Departement van Kleurlingsake in 'n 'Spesiale Onderwysbulletin' (Nr. S1/73) van 31 Julie 1973 soos volg geformuleer: "*Die doel van voorligting is om op 'n sistematiese en georganiseerde wyse die leerling deur individuele- en groepvoorgligting, in sy totale opvoedkundige belewenis te help om sy vermoëns te ontdek, te verstaan en te ontwikkel en hom daardeur in staat te stel om in sy eie lewe rigting te kry, 'n eie standpunt in te neem en gevolglik selfstandig 'n bydrae tot die samelewing te lewer. Die leerling behoort dus by bereiking van volwassenheid as volwaardige mens sy plek in die samelewing te kan volstaan*".

Hierdie genoemde voorgeskrewe voorligtingsmodel aan die Bruinskole het voorsiening gemaak om die leerder as 'n totaliteit en 'n ontwikkelende individu te beskou en voorsiening was gemaak vir groepsvoorgligting, sowel as berading op individuele vlak. Die onderwyser het ook die geleentheid gekry om voorligting in elke faset van die jeugdige se lewe, naamlik opvoedkundig, sosiaal, persoonlik en

loopbaanareas te onderrig. Hiërdie voorgeskrewe sillabus het in die realiteit en skoolopset probleme geskep, aangesien die onderwysers in die Bruinskole nie voldoende opgelei was in voorligting en berading nie en 'n tendens van swak opgeleide onderwysers voorkom in die Bruinskole. Gevolglik was die voorligtingsperiodes in die verlede vir ander vakinhoude gebruik (Livingstone, 1984:126). Naude & Bodibe (1990:1) is van mening dat voorligting in skole nie meer die uitsluitlike plig van 'n onderwyser in 'n klaskamer kan wees nie en dat goed opgeleide voorligtingonderwysers 'n meer wetenskaplike en sistemiese benadering moet volg, waar die leerders begeleiding ontvang ten aansien van hulle sosiale-, emosionele- en loopbaanbehoefte. Fredericks (1991:12) vind hierby aansluiting deurdat sy van mening is dat 'n voorligtingsprogram onsuksesvol is wanneer dit nie meer die behoeftes van die leerders aanspreek nie. Die voorligtingvoorsiening aan die Bruinleerders was in die verlede 'n sprekende voorbeeld van hierdie genoemde tendens waar die betrokke leerders se voorligtingsbehoefte nie aangespreek was nie.

Modise (1997:43) noem dat aangesien daar in die vorige regeringsbestel verskillende provinsies met hul eie onderwysdepartemente was, is dit duidelik dat die voorligtingsillabusse in die skole ook gevarieer het ten aansien van doelwitte, beleidmaking, organsasie en bestuur. In 1994 het die Regering van Nasionale Eenheid aan bewind gekom en is een gesamentlike departement van onderwys geskep wat die ou strukture vervang het. Die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting. Graad 1 tot standerd 10" (Departement van Onderwys, 1995:4) is van mening dat die vorige departemente van onderwys verskeie voorligtingsillabusse gehad het (wat nog in talle skole voorkom), wat onsamehangend, irrelevant en ontoepaslik vir die behoeftes van 'n veranderende en demokratiese samelewing is. Die nuwe onderwysdepartement het na vore gekom met 'n nuwe tussentydse kernsillabus vir voorligting wat die probleme van al die sekondêre leerders van al die skole in Suid-Afrika behoort aan te spreek (Modise, 1997:15-16). Die resente benadering tot voorligting- en beradingvoorsiening aan die jeug (leerders in sekondêre skole) word van nader beskou en sal meer breedvoerig gekyk word na die "Tussentydse Kernsillabus vir voorligting" (vergelyk paragraaf 3.3 1.2).

Sedert 1983 tot 1997 is verskeie navorsing gedoen aangaande skoolvoorligting. Die uiteindelijke doelwitte het gevarieer, maar primêr het dit gehandel oor die voorligtingsbehoefte van sekondêre leerders. Dié behoeftes is of geïdentifiseer en ondersoek, of daar is sekere aanbevelings gemaak om die stand van skoolvoorligting te verbeter. Vervolgens word gepoog om 'n samevattende skou te bied op navorsing wat in die verlede gedoen is oor voorligting aan die Bruinjeugdige. Beukes & Weideman (1983:xxii en 196) het in 1983 'n ondersoek geloods deur die "Insituut vir Opvoedkundige Navorsing" vir die "Departement van Binnelandse Aangeleenthede" (Kleurlingsake). Beukes & Weideman (1983:162) se ondersoek was gedoen na die situasie van 1983 se voorligting aan die Bruinjeugdige. Hierdie ondersoek het veral aandag geskenk aan die opvoedkundige verantwoordbaarheid van die skoolvoorligtingsprogram en ondersoek is ook ingestel na die mate waarin die voorgeskrewe program in die praktyk tot uitvoering gebring is, waarna aanbevelings gemaak is om die stand van skoolvoorligting te verbeter. Beukes & Weideman (1983:5) is van mening dat die doeltreffendheid van

skoolvoorligtingsprogramme nie uitsluitlik binne die skool bepaal word nie, maar ook in die arbeidswêreld waar loopbaankeuses, loopbaaningesteldheid en arbeidsverantwoordelikheid spesifieke eise aan potensiële werknemers stel.

Dié twee ondersoekers onder bespreking se bevindings het ondermeer die volgende ingesluit (Beukes & Weideman, 1983:163 & 166): Die “Departement van Binnelandse Aangeleenthede” (Kleurlingsake) se benadering tot skoolvoorligting het getuig van ‘n opvoedkundige inslag. Nêrens was daar aanduidings van die besondere doelstellings wat dit vir die voorligtingonderwyser duidelik gemaak het om die presiese voorligtingstaak duidelik te identifiseer en uit te voer nie en veral nie vir elke standerd afsonderlik nie. Weinig onderwysers het enige toepaslike opleiding in skoolvoorligting, of indiensopleiding ontvang en die oorgrote meerderheid het beskik oor ‘n minimum van drie jaar opleiding. Beukes & Weideman (1983:193) beveel ook aan dat onderskeid gemaak moes word tussen algemene- en loopbaanvoorligting. Op grond van die bevindings van dié betrokke ondersoek was riglyne verskaf en aanbevelings gedoen aan die hand waarvan die bestaande praktyk van skoolvoorligting aangevul en/of gewysig kon word met die oog op die uiteindelijke verbetering van die onderwyspeil van die Bruinleerders. Vir die standerd tien leerders wat die arbeidsmark moes betree het, is onder andere aanbeveel dat individuele voorligting meer aandag as groepvoorligting moes geniet.

Livingstone (1984:9-10) het ‘n ondersoek gedoen aangaande die effek van voorligting op standerd vyf Bruinleerders se psigologiese-, emosionele- en kognitiewe funksionering. Sy het die volgende vrae gestel na aanleiding van die implementering van ‘n voorligtings- en beradingsopleidingsprogram: Sy het die vraag gevra of voorligting ‘n merkbare verskil sal maak in die leerders se selfkonsep, in die leerders se angsvlak, hul houding jeens die onderwysers, die leerders se leer, hul kreatiewe denkvermoë en skoolprestasies. Die vraag was ook gevra of die Bruinleerders opleiding moes ontvang het in voorligting en berading en wat sou die uitkoms van die leerders se houding wees jeens die onderwysers, nadat die onderwysers ‘n opleidingsprogram ontvang het? ‘n Verdere vraag was gestel, naamlik, deur wie behoort die voorligting in die Bruinskole aangebied word, die onderwyser of ‘n voorligtingkundige?

Livingstone (1984:539) het na afloop van die ondersoek tot die volgende gevolgtrekkings gekom: Kwantifiseerbare veranderings ten aansien van ‘n beter positiewe selfkonsep het voorgekom, soos gemeet by die onderwyser-opgeleide-groep sowel as die voorligter en dit dui op beter psigologiese funksionering. Hierdie bevindings het daarop gedui dat voorligting selfwaarde verhoog by leerders, ongeag dit deur ‘n opgeleide voorligter aangebied was, of deur ‘n onderwyser wat nie-opgelei is in die voorligting nie. Die uitkoms nadat die leerders voorligting ontvang het was naamlik minder angstigheid in die klaskamer, meer kreatiwiteit en beter prestasies. By die skool en tuis was ook minder interpersoonlike probleme met andere opgemerk, nadat die genoemde program geïmplementeer was. Die vraag oor wie die mees geskikte persoon is om die leerders voor te lig, is volgens Livingstone (1984:539) die onderwyser en die voorligtingkundige. Sy wys egter op die nodigheid vir onderwysers om voortdurende opleiding in die tegnieke van voorligting en berading te ontvang. Volgens Livingstone

(1984:542) kan die Bruinadolesent deur voorligting op 'n positiewe wyse opgehef word deurdat sy behoefte na identiteit en selfaktualisering erken word, asook die erkenning van die bemeestering van take en vaardighede. Op dié wyse ontwikkel 'n positiewe selfkonsep deur middel van die ingrepe van voorligting.

Gouws het in 1990 'n studie onder die sekondêre leerders in 'n benadeelde Bruingemeenskap in die Wes-Kaapland gedoen, ten einde te bepaal waaraan die inhoud van 'n groepvoorligtingsprogram in die sekondêre Bruinskole behoort te voldoen. Gouws (1990:19) het benadruk dat hy uiteindelik wou poog om die implikasies van Bruinadolesente se ontwikkelings- en voorligtingsbehoefte vir hul groepvoorligtingsprogram aan te toon. Na aanleiding van sy ondersoek het Gouws (1990:189-190) aanbeveel dat die onderwerpe vir groepvoorligting vir elke sekondêre standerd onder die volgende hoofde ingedeel behoort te word: Persoonlikheidsvoorligting, sosiale voorligting, opvoedkundige voorligting en loopbaanvoorligting. Volgens Gouws (1990:192) het die Bruingemeenskap van Suid-Afrika gebuk gegaan onder 'n groot verskeidenheid probleme van ekonomiese-, sosio-kulturele en politieke aard wat 'n negatiewe uitwerking op die volwassewordende jeug gehad het (vergelyk paragrawe 2.8.1-2.8.2 & 2.9). Voorligting van 'n wye verskeidenheid aangeleenthede word genoodsaak, aangesien die gesin as opvoedkundige instelling dikwels nie toereikend funksioneer nie. Sorg moet gedra word dat voorligting 'n terapeutiese-remediërende funksie weerspieël, maar ook 'n voorkomende-ontwikkelende funksie vervul. Derhalwe behoort die voorligtingsprogram buigsam te wees en met inagneming van die doelstellings, grootliks behoort te berus op die oordeel van die voorligters en die betrokke leerders. Gouws (1990:194) konstateer verder dat uit die leerders se evaluering van die vraelys het dit verder geblyk dat onderwerpe in verband met studiemetodes, naskoolse studies en loopbaanvoorligting die hoogste voorkeur geniet het. Hy is van mening dat dit dui op 'n voorligtingsbehoefte. Ten aansien van die aanpassing van die adolessente aan Bruinhoërskole, is die volgende aanpassings-, behoeftes- en sosialiseringprobleme geïdentifiseer deur middel van vraelyste (Gouws, 1990:103-108):

- ▲ *Sosio-ekonomiese/omgewingsfaktore en omgewingstoestande.* Die persoonlikheidsontwikkeling van senior sekondêre leerders word beïnvloed deur die volgende faktore: 'n tekort aan geriewe in die gesin en omgewing vir kultuurbeoefening en ontspanning, 'n tekort aan beveiligheidsfasiliteite en die aanwesigheid van kwaadwillige bendes in die omgewing, 'n tekort aan privaatheid in die gesinslewe weens beperkte leefruimte, onderlinge strydvoerings in die gesin en ander inwonende persone wat probleme veroorsaak.
- ▲ Die volgende probleme was as behoeftes uitgespreek ten aansien van *loopbaanaangeleenthede*: beperkte kennis van loopbane en die nodige opleiding daarvoor, 'n beperkte loopbaanveld vir Bruinmense, onkunde oor hoe om 'n werk te bekom, te min hulp op skool met loopbaanprobleme en te min inligting oor hul werklike loopbaanbelangstelling; derhalwe onbevredigende skoolvoorligting en –berading in verband met loopbaanaangeleenthede. Indien ekonomiese tekorte en behoeftes in die gesin voorgekom het, kon loopbaanideale verydel word.

- ♣ Die volgende *skoolgaanprobleme* was geïdentifiseer: Bekommernis kom voor oor skoolvordering, onkunde rakende doeltreffende studiemetodes, swak konsentrasie tydens studie, swak studiegewoontes, beperkte vakkeuse, te min geslagsvoorligting, beperkte buitemuurse bedrywighede, probleme om Wiskunde baas te raak, swak leerder-onderwyser verhoudings (vergelyk paragraaf 2.9.2). Ten aansien van die *skoolsituasie* was die volgende leemtes genoem naamlik, gebrek aan kultuur-en ontspanningsgeriewe, beperking van oorspronklikheid weens die eensydige loopbaangerigte doelstellings, onvoldoende voorligting in verband met menseverhoudings en onsekerheid met die keuse van 'n studierigting.
- ♣ Die sekondêre leerders het die verwarring ervaar om enersyds as kind behandel te word en andersyds was daar die eis om die volgende oomblik soos 'n volwassene te moet optree.
- ♣ *Gesinsmilieu* en die *gesinsituasie* het aanleiding gegee tot die behoeftes ssos oorbewoning en probleme wat ander inwonende familieledede en loseerders skep. Die kwaliteit van die Bruinouers se opvoedingsbemoenings word volgens hierdie navorsing benadeel deur die volgende faktore: gebrekkige waardegestalting en voorligting in verband met menseverhoudings, versuim om belangstelling in die kind se probleme te toon, omkoperij om die guns van die kinders te verkry, die laer skoolopleidingvlak waaroor die meeste ouers beskik in vergelyking met hul kinders en ook die voltydse loopbaanbeoefening van albei ouers.
- ♣ Die *Emosionele lewe* van die sekondêre skoolleerders was benadeel deur ontoereikende verhoudings tussen individue, groepe en bevolkingsgroepe en gevolglik dui dit op 'n behoefte aan meer vevullende interpersoonlike kommunikasie.
- ♣ *Samelewingskonflik* het ontstaan omdat die adolessente beleef het dat hulle deur die volwassenes verwerp was en dat laasgenoemde hulle nie probeer verstaan het nie. Die volwassenes was ook nie gunstige rolmodelle van gemeenskapswaardes en -norms nie.
- ♣ Die Bruinadolessente het gefrustreerd gevoel rakende die stigma van minderwaardigheid wat aan hul volksgroep gekoppel was en beleef verwerping deur die meer bevoorregte lede van hul bevolkingsgroep. Ontevredenheid rakende rassediskriminasie en die toestand van die land tydens 1990 was ook geïdentifiseer (*Die ideologiese*).
- ♣ Besorgdheid het bestaan oor *seksualiteit* en veral oor die aftakeling van die moederbeeld en vroulikheid deur die rookgewoonte, drankmisbruik en reklame wat voorafgaande promoveer. Onsekerheid was beleef betreffende die sin van die huwelik en besorgdheid oor groot gesinne en buite-egtelike kinders het ook geblyk. Die behoefte aan inligting en voorligting betreffende seksualiteit en seksuele gedragskode was uitgespreek.
- ♣ Benewens *portuurgroepprobleme* wat eweknieë in ander Westerse lande ondervind, is die negatiewe gesindhede tussen maats en die afwesigheid van kulturele en ontspanningsgeriewe om die tyd sinvol te verwyf, spanningsvolle probleme vir die leerders.

Fredericks (1991:14) se navorsing vind aansluiting by die voorafgaande studie, aangesien hierdie studie gepoog het om deur middel van 'n gestruktureerde vraelys, die voorligtingsbehoefte van Bruin senior-

sekondêre leerders uit verskillende sosio-ekonomiese areas en leefwêreld te bepaal. Hy noem dat die voorligtingsbehoefte die verhoudings waarin die leerders staan in ag sal neem, naamlik die leerders se verhouding met homself, met andere en met idees. Die leerders se kognitiewe-, affektiewe-, fisiese- en konatiewe eienskappe word volgens hom die beste geobserveer waar 'n kind voel, weet en kommunikeer. Fredericks (1991:81, 90 & 111) het die volgende behoeftes geïdentifiseer naamlik, opvoedkundige voorligtingsbehoefte, persoonlike voorligting en loopbaanvoorligtingbehoefte. Hy het egter ook spesifieke voorligtingsbehoefte geïdentifiseer wat by die Bruin senior-sekondêre leerder voorkom en is van mening dat die Bruinleerder se sosio-ekonomiese situasie, die onderwyssituasie en die politieke aspekte voortdurend in konsiderasie geneem behoort te word (Fredericks, 1991:116). Suid-Afrika en die leefwêreld van die Bruinjeugdige ondergaan kontinue veranderings en volgens Fredericks (1991:174-175) moet voorligting voortdurend die veranderende voorligtingsbehoefte identifiseer en aanspreek. Die volgende skolastiese voorligtingsbehoefte is deur Fredericks (1991:89) geïdentifiseer:

- ✓ Die behoefte aan keusemakende vaardighede om die korrekte vakkeuses en loopbaankeuses te maak.
- ✓ Die behoefte aan kennis om die verskil tussen standaard- en hoërgraad vakke uit te ken, sowel as matriekvrystelling en die seniorsertifikaat.
- ✓ Die behoefte om goeie studiemetodes aan te leer en die behoefte aan die beplanning van 'n studieprogram.
- ✓ Die behoefte van die leerder om gemotiveerd te wees, om sodoende die noodsaak van opvoeding raak te sien en te begryp.

Modise (1997:xv) se ondersoekdoel was om deur middel van 'n gestruktureerde vraelys die voorligtingsbehoefte van senior-sekondêre standerd 10 leerders, uit al vier etnisiteitsgroepe in Potchefstroom te bepaal, asook of die voorligtingsbehoefte van dié groepe enigsins sal verskil. Die bepaling was onder die Bruin- Swart-, Indiër- en Blanke leerders. Modise wou ook vasstel of die 'Tussentydse kernkurrikulum' wat in 1995 in die skole ingestel is, aan die voorligtingsbehoefte van sekondêre skoolleerders voldoen het. 'n Gestruktureerde vraelys was geïmplementeer met altesame 29 items. Die items het die volgende kategorieë ingesluit: 1). Vaardighede ontwikkeling 2). Familie en geslagsopvoeding 3). Opvoeding en opleiding 4). Werk en werkloosheid 5). Ekonomiese opvoeding 6). Burgerskapsopvoeding en 7). Omgewingsopvoeding (Modise, 1997:65-67). Modise (1997:105-106) het na afloop van die ondersoek ook bevind dat die voorligtingsbehoefte van die verskillende populasie groepe wel verskil het en dat die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting" wel oor die algemeen in die voorligtingsbehoefte van die senior sekondêre skoolleerders voosien het. Hy het ook bevind dat die Bruin- en Blanke leerders telkens met elke item saamgestem het in die vraelys. Hierdie bevindings dui volgens Modise daarop dat die senior sekondêre leerders 'n behoefte het aan voorligting in elk van die genoemde velde van die tussentydse sillabus vir voorligting. Modise (1997:106) is van mening dat die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting" deur die voorligtingonderwysers as 'n spyskaart gesien moet

word waaruit hulle die geskikte temas kan kies wat die voorligtingsbehoefte van die leerders in hul skole die beste sal aanspreek (vergeelyk paragraaf 3.3.1.2).

Die Universiteit van Pretoria het gedurende die tydperk 1990-1996 'n voorligtingsverrykingsprogram geïmplementeer, waar die Bruinjeugdige van twee sekondêre skole in Eersterust se voorligtings- en beradingsbehoefte geïdentifiseer en aangespreek was. Hierdie 'Voorligtingsverrykingsprogram' het deur middel van psigometriese persoons- en loopbaanverkenning plaasgevind wat gestandaardiseerde- en ongestandaardiseerde persoons- en loopbaanverkenningmedia ingesluit het. Studieoriëntering was onderrig, asook opleiding in lewenskundighede en -vaardighede en entrepreneurskapsontwikkeling. Die volgende was tydens 1990 met 750 standerd sewe Bruinleerders bevind: Loopbaanbeplanning en -ontwikkeling het die hoogste prioriteit geniet, met 26%. Selfbestuur, gemeenskaps- en sosiale ontwikkeling was tweede hoogste prioriteit (20%), Persoon-en selfontwikkeling was derde hoogste prioriteit (18%) en laastens was Fisiese en seksuele ontwikkeling (16%) (Malan, 1990:16-19). Uit beide studies blyk dit dat loopbaanbeplanning en -ontwikkeling 'n prioriteitsprobleem vir die betrokke leerders was. Hierdie genoemde voorligtingsverrykingsprogram sal in Hoofstuk Vier bespreek word.

3.3 'N RESENTE BENADERING TOT VOORLIGTING EN DIE VOORSIENING DAARVAN AAN DIE BRUINJEUGDIGE IN DIE SEKONDÊRE HOËRSKOOLFASE

Soos reeds bespreek, was voorligting as vak in die verlede nie suksesvol nie en veral nie met betrekking tot die aanspreek van die Bruinjeugdige se spesifieke behoeftes nie. Volgens die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting" (1995:3) was die kurrikulum in die verlede te voorskrytelik en grootliks irrelevant tot die behoeftes en ervaringswêreld van die leerders. Hierdie kurrikulum het nie die diversiteit van sake aangespreek nie en het nie tred gehou met huidige veranderings en ontwikkelings van die Suid-Afrikaanse konteks nie. Dié genoemde situasie is vererger deur die ongelyke voorsiening van voorligting- en beradingdienste en hulpbronne aan skole. Voorligting was 'n nie-eksamen en nie-evalueringsvak en was afgeskeep en in sekere gevalle selfs uit die skoolkurrikulum weggelaat. Die noodigheid het geblyk om 'n totaal nuwe voorligtingskurrikulum binne skole te herkonseptualiseer en te ontwikkel ten einde aan die behoeftes van die dinamiese sosiale, onderwys en werksomgewing te voldoen. Die "Tussentydse kernsillabus vir voorligting" kan as basis gebruik word vir die implementering van voorligting in skole. Hierdie genoemde dokument stel ook voor dat voorligtingsprogramme en -sillabusse geëvalueer moet word en dienooreenkomstig hierdie kernsillabus aangepas word (Die Departement van Onderwys, 1995:5).

3.3.1 ‘n Resente benadering tot voorligting aan die Bruinjeugdige, vanuit ‘n Multikulturele perspektief en met inagneming van die “Tussentydse kernsillabus vir voorligting” van 1995

‘n Meer resente en toepaslike voorligtingsprogam aan die Bruinjeugdige, ten einde hom voor te berei vir die kompleksiteit van ‘n snel veranderende Suid-Afrika en die eise van ‘n nuwe millennium word vervolgens onder oënskou geneem deur ‘n opsommende bespreking van die beginsels en doelstellings soos voorgestel deur die “Tussentydse kernsillabus vir voorligting”. ‘n Bespreking van die onderwys en voorligting vanuit ‘n multikulturalistiese perspektief met die doel om akkommoderend te wees ten aansien van almal in die ‘Nuwe Suid-Afrika’, sal ook van nader beskou word.

3.3.1.1 Die begrip ‘Multikulturalisme’

Ten einde die begrip ‘**Multikulturalisme**’ ten aanvang te beskryf word die begrip ‘**Kultuur**’ soos volg gedefinieer deur die HAT (1997:592): 1. *“Die ganse geestelike besitting van ‘n volk of ander groep (ering) op elke terrein; geesteslewe, beskawingstoestand* 2. *Beskawing.* Volgens Kriegler (1994:32) is enige gemeenskap waarin daar ‘n verskeidenheid kultuur-, etniese-, taal- en godsdiensgroepe voorkom, multikultureel. Le Roux (in Pretorius (red.) & Le Roux, 1998:108) wys daarop dat byna alle moderne twintigste-eeuse gemeenskappe wêreldwyd as multikultureel beskryf kan word. Ten einde sodanige heterogene groeperinge effektief binne formele onderwysverband te akkomodeer, het multikulturele onderwys wêreldwyd as ‘n ideologie van kulturele pluralisme gedurende die laaste twee dekades van die twintigste eeu prominent na vore getree. Hickson & Kriegler (1996:4) meld in dié verband dat die multikulturele perspektief veral geskik is in Suid-Afrika omdat dit ‘n konseptuele raamwerk voorsien wat die diversiteit van ‘n plurale samelewing erken en terselfdertyd brûe van gedeelde bekommernis impliseer wat mense met verskillende kulture aanmekaar verbind.

Volgens Le Roux (In Pretorius (red.) & Le Roux (1998:108) het Suid-Afrika sedert 1993 vanaf ‘n monokulturele na ‘n multikulturele onderwysbeleid beweeg waar geen diskriminasie op grond van rasse- of kultuurverskille langer regverdigbaar of toelaatbaar is nie. Salie (in Wehrly, 1995:84) meld ook in dié verband dat die politieke veranderings van 1994 dit nodig gemaak het om multikulturele voorligting en berading op ‘n groter skaal te ontwikkel. Volgens Burger (1992:176) word onderwysstelsels in ontwikkelende lande gekenmerk deur ‘n aantal problemeienskappe, onder meer die volgende: lae maar steeds groeiende deelnamekoerse, hoë uitsaksyfers, ‘n tekort aan voldoende gekwalifiseerde onderwysers, oorbesetting van fasiliteite en die afwesigheid van ‘n leerkultuur. Multikulturele onderwys en –voorligting beskik oor die mees geskikte benadering om dié genoemde probleme aan te spreek.

Ten einde die multikulturalistiese aard van die Suid-Afrikaanse samelewing te begryp en te omskryf moet die volgende begrippe van nader beskou word aldus Conradie (1995:18-19). Die begrippe is '*transkultureel*', '*interkultureel*', '*kruiskultureel*' en '*multikultureel*'.

- * Die begrip *transkultureel* beklemtoon die aktiewe en wederkerige proses wat in terapie betrokke is en impliseer die oorgaan van een kultuur na 'n ander om 'n beter verstandhouding te bereik.
- * *Interkultureel* beskryf die terapeutiese proses tussen kulture en laat ruimte vir die terapeut om van 'n minderheidsgroep te kom.
- * *Kruiskultureel* vergelyk die verskille en ooreenkomste van kulture met mekaar en poog dan om sodoende die skeidings wat die gevolg is van die kulturele verskille te oorbrug. Sodra die doel van 'n studie is om 'n verskynsel tussen kulture te vergelyk, is dit kruiskultureel.
- * Die begrip *multikultureel* word algemeen verkies omdat dit die insluiting van die verskeidenheid kulturele veranderlikes beklemtoon en 'n meer omvattende begrip verteenwoordig. Laasgenoemde begrip ondersteun "pluralisme" wat dui op die verskille tussen etniese-, rasse-, taal-, ekonomiese-, geslags- en ander verskille tussen individue.

Vervolgens gaan multikulturele onderwys bespreek word en daarna multikulturele voorligting en –berading, ten einde die relevansie daarvan uit te wys vir die kulturele verskille en probleme van die inwoners van die hedendaagse Suid-Afrika. Volgens Goodey (1989:480) kan multikulturele onderwys omskryf word as die onderwys waar die gemeenskaplike kulturele erfenis tussen mense beklemtoon word, maar ook doelbewus ruimte geskep word vir die waardering van verskille gebaseer op 'n geldige definisie van kultuur. Goodey (1989:482) wys ook verder daarop dat multikulturele onderwys as 'n metode kan dien om alle kinders voor te berei vir die lewe in die multikulturele samelewing, om kulturele diversiteit te waardeer en om gelyke onderwysgeleenthede voor te staan. De Villiers (1994:36 & 294) is van mening dat multikulturele onderwys 'n hervormingsbeweging is om die totale onderwysomgewing te verander en mense meer beheer te gee oor die wêreld van kennis en gevolglik beter werksgeleenthede aan die einde van die twintigste eeu te bied. Kunutu (in Engelbrecht, Kriegler & Booysen (red.), 1996:271) is van mening dat 'n multikulturele benadering tot die onderwys 'n kontekstuele analise vra van opleidingsbehoefte en dat die onderrig van lewensvaardighede essensieel is tot kulturele oriëntasie.

Volgens Lemmer en Squelch (1993:4-5) kan die volgende uitsprake dien as van die kenmerke van Multikulturele onderwys:

- Multikulturele onderwys erken en aanvaar die regmatige bestaan van verskillende kultuurgroepe en die verskille (wat insluit die taal-, godsdienstige-, sosio-ekonomiese-, intellektuele-, sielkundige-, fisiese- en motiveringsverskille).
- Moedig sowel akkulturasie as kultuurhandhawing aan.

- Moedig onderlinge interaksie en samewerking aan tussen persone van verskillende kulture en agtergronde.
- Beskou kultuurverskeidenheid eerder as 'n bate as 'n las.
- Erken die feit dat alle kultuurgroepe in 'n samelewing gelyke regte het.
- Staan gelyke onderwysgeleenthede vir almal voor en doeltreffende onderrig vir almal.

Volgens Gillis (1996:171) en Hickson & Kriegler (1996:151) is dit vir die professionele hulpverlener (hetsy geregistreerde sielkundige, loopbaanvoorligter of voorligtingonderwyser) van kardinale belang om in die hulpverleningsaksie aan kultuuranderse kliënte, te alle tye bewus wees te wees van sy eie kultuur en moontlike vooroordeel wat tydens die hulpverlening kan voorkom. Hierdie vooroordeel kan deur die hulpverlener voorkom word deur kennis te dra rakende die kultuur en geskiedenis van die kultuuranderse groepe in Suid-Afrika en veral die kultuuragtergrond van die betrokke kliënt of groepe aan wie daar hulp verleen word. Volgens Baruth (in Baruth & Manning, 1991:22) is die volgende beginsels van belang vir die hulpverlener om die kliënt te verstaan:

- Bewustheid en begrip van die geskiedenis en ervarings van die kulturele groep waaruit die kliënt kom.
- Perseptuele bewustheid en begrip van die omgewingservarings in die kultuur met wie die kliënt identifiseer.
- Perseptuele sensitiwiteit teenoor die kliënt se lewensnorme en –waardes.

Egan (1994:51-52) meld dat die hoofdoel tydens hulpverleningsintervensie is om respek te toon vir kultuurandersheid en individualiteit ten opsigte van die kultuuranderse kliënt. Gillis (1996:177-179) is van mening dat daar ook gestreef behoort te word om groter kulturele empatie te betoon.

Verskeie multikulturele voorligtings- en beradingstegnieke, anders as net vanuit die Westerse perspektief moet aangewend word, indien hulp verleen word aan kultuuranderse kliënte, asook die vaardigheid om loopbaanvoorligtingsprogramme aan te wend wat die behoeftes van die kultuuranderse individu aanspreek. Die professionele hulpverlener behoort ook tydens die nasien en interpretasie van die media wat vir evaluering van die leerder se vermoëns en belangstellings ingeskakel is, te poog dat vooroordeel nie inmeng met die assesseringsproses nie. Kiselica, Changizi, Cureton & Gridley (in Ponterotto, Casas, Suzuki & Alexander (red.), 1995:516) vind aansluiting by bogenoemde en wys daarop dat skoolberaders in skole, se sensitiwiteit ten aansien van kultuuranderse gevalle verhoog moet word en hulle behoort vaardighede te ontwikkel om die skoolmilieu en die persoonlike ontwikkeling van kultuuranderse kliënte (die leerders) te verbeter. Herr & Niles (in Pedersen & Carey (red.), 1994:192) wys daarop dat die hulpverleners in die skole die leerders bewus moet maak van die vele geleenthede en uitdagings in die wêreld van werk en die werksplek, indien gunstige onderwysprestasies bereik wil word. Hierdie twee

srywers benadruk ook dat die kultuuranderse leerders uitgedaag, aangemoedig en bemagtig moet word met verwysing na hulle persoonlike vermoëns ten einde hul loopbaandoelwitte te bereik.

3.3.1.2 Die Departement van Onderwys se “Tussentydse kernsillabus vir voorligting”, 1995

‘n Doelwit van die “Tussentydse kernsillabus vir voorligting” (Departement van Onderwys, 1995:5-7) is die voorsiening van effektiewe voorligting en berading op alle skoolvlakke en om die integrasie en verwantskap van en tussen alle aspekte van voorligting te bevorder. Die demokratiese waardes en implementering van die voorligtingsprogram kan geëvalueer word met in agneming van die behoeftes en belangstellings van die leerders, sowel as die breë gemeenskap en die behoeftes (soos die ontwikkelingsbehoefte van die adolessente). Hierdie evaluering kan plaasvind in terme van die sosiale-, emosionele-, kognitiewe- en fisiese domeine. Derhalwe ‘n holistiese benadering tot die ontwikkeling van die leerder. Die primêre benadering tot onderrig behoort gebaseer te wees op die erkenning en benutting van leerders se bestaande vaardighede en hulpbronne sowel as die van die breër gemeenskap en ‘n toegang tot toepaslike en innovatiewe hulpbronne, ten einde onder andere ook die leerder se praktiese en intellektuele kreatiwiteit en innovasie te ontwikkel. ‘n Verdere beginsel is om die relevansie van alle aspekte van voorligting ten aansien van sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling in relasie tot rekonstruksie en ontwikkeling en menslike hulpbronbehoefte (plaaslik en nasionaal) te beklemtoon. Derhalwe ‘n multi-sektorale benadering wat put uit die hulpbronne van ander opvoedkundige hulpdienste soos loopbaan- en algemene voorligting en berading en sielkundige dienste, die private sektor en ‘n verskeidenheid gemeenskapstrukture vir voorligtingimplementering.

‘n Belangrike doelstelling van voorligting is om leerders te motiveer om belangstelling in hulle studies en onderwys in die algemeen te ontwikkel en ‘n werkskultuur en -etiek te bevorder. Die einddoel is om die leerders toe te rus met lewensvaardighede wat selfaktualisering, emosionele stabiliteit en sosiale sensitiwiteit insluit. Verder einddoelwitte is die vermoë om suksesvolle loopbaankeuses te maak, ‘n stabiele gesin te bou en respek en verdraagsaamheid teenoor die self en andere, sal poog om ‘n stewige en stabiele nasie te bou.

3.3.2 Nasionale rigtingwysers en resente dokumente in sekondêre onderwys en -opleiding en tersiêre opleiding met spesifieke verwysing na die implikasies vir voorligtingsprogramme en spesifiek ‘n voorligtingsverrykingsprogram.

‘n Aantal beleidsdokumente het sedert 1994 verskyn met die totstandkoming van die “Nuwe Suid-Afrika” en hierdie dokumente bring ingrypende veranderings teweeg met betrekking tot onderwys en

geletterdheid op nasionale en selfs op internasionale vlak. Die jeug word bemagtig deur onderwys- en opleidingsvoorsiening tot volle deelname in die opbou van die land en om tot die volle ontwikkeling van sy talente en gegewe moontlikhede te kom. Vervolgens word hierdie dokumente toegelig en die implikasies vir die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ word uitgewys.

3.3.2.1 “Education White Paper 3 - A Programme for the Transformation of Higher Education”, Augustus 1997

Hoër onderwys speel ‘n sentrale rol in die sosiale, kulturele en ekonomiese ontwikkeling van moderne samelewings (“Education White Paper 3”, 1997:7). Volgens hierdie dokument was die hoër onderwysstelsel van die onlangse verlede beperk in die vermoë om die morele-, politiese-, sosiale- en ekonomiese eise van die “Nuwe Suid-Afrika” te kon aanspreek. Dié stelling word bevestig deur die aaneenlopende tendens van ‘n wanbalans tussen die afgee van leerders van sekondêre onderwys en die voldoende behoeftes van die moderne ekonomie (Department of Education, 1997:6). In die voorwoord van dié Witskrif meen minister Bengu (minister van onderwys tydens samestelling van dié dokument) dat die hoër onderwysstelsel getransformeer moet word om die die wanbalanse van die verlede reg te stel, om die nuwe sosiale orde te dien, om dringende nasionale behoeftes aan te spreek en om op nuwe realiteite en geleenthede te reageer (Department of Education, 1997:59).

Die grootste verandering ten aansien van hoër onderwys van die verlede en gerig op die toekoms, word beskryf met die definisie: “*Higher education comprises all learning programmes leading to qualifications higher than the proposed Further Education and Training Certificate or the current Standard 10 certificate*” (Department of Education, 1997:17). Dié dokument wys daarop dat dié volgende instansies hoër onderwysprogramme aanbied, naamlik universiteite, teknikons en kolleges (Department of Education, 1997:24). Volgens dié dokument bemagtig hoër onderwys die individu om die beste gebruik te maak van sy talente en van geleenthede wat deur die samelewing gebied word vir selfvervulling en selfaktualisasie. Hoër onderwys het die volgens dié onderhawige dokument dié doelwitte naamlik, die leerders se leerbehoefte en aspirasies behoort lewenslank aangespreek te word deur die ontwikkeling van hul intellektuele vermoëns en aanlegte. Die aanspreking van die samelewing se ontwikkelingsbehoefte en om die arbeidsmark in ‘n kennisgedrewe en kennisafhanklike samelewing met die altyd veranderende behoefte aan spesifieke hoë vlak bekwaamhede en kundighede te voorsien om die groei van die moderne ekonomie te verseker is ook gestelde doelwitte. Hoër onderwys onderrig lei mense op om die gespesialiseerde sosiale funksies te vervul, om die aangeleerde professies te kan vul en om beroepe in die handel, wetenskappe en tegnologie te kan beoefen (Department of Education, 1997:7).

Kortliks kan die transformasie van die Hoër onderwysstelsel soos volg opgesom word naamlik, Hoër onderwys moet in staat wees om hoogs opgeleide mense te lewer wat die nasionale behoeftes van die

ekonomie kan aanspreek en wat kan deelneem in 'n snel veranderende en kompeterende internasionale konteks. In die hoër onderwysprogramme behoort algaande al hoe meer toegang te wees vir Swartmense, Bruinmense, vrouens, gestremdes, ouer leerders in veral Hoër onderwysprogramme waarin die genoemde persone te min verteenwoordig is. Die Hoër onderwysprogramme behoort ook deurgaans 'n milieu en kultuur te bied wat sensitief is en ruim voorsiening maak vir diversiteit en respekbetoning vir menslike lewens, die waardigheid van persone teen rasse- en seksuele mishandeling en alle ander vorme van gewelddadige gedrag (Department of Education, 1997:12 & 21).

Die ministerie fokus volgens hierdie Witskrif daarop om die volgende aan te spreek: om Hoër onderwys se kwaliteit te verbeter, leerders wat die skool te vroeg verlaat en die hoë herhalingsyfer onder leerders. Die gaping tussen die eise en verwagtings wat hoër onderwys aan die leerders stel en die skoolverlaters se vermoëns om aan die akademiese eise te voldoen, noodsaak ook dringende aandag. Dié dokument benadruk na aanleiding van laasgenoemde stelling die belang van oorbruggings- en toelatingsprogramme ten einde die gaping tussen skool en hoër onderwysinstitusies aan te spreek en op te los. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' te Eersterust het onder meer as oorbruggingsprogram gedien om die betrokke jeugdige voor te berei en gereed te maak vir tersiêre (Hoër) onderwys hetsy aan 'n universiteit of elders. Die "Education White Paper 3" (Department of Education, 1997:22) wys op die belang van ontwikkeling van studente ondersteuningsdienste soos loopbaanvoorligting en beradingsdienste en hier het die 'Voorligtingsverrykingsprogram' van die Universiteit van Pretoria as ondersteuningsdiens aan hierdie betrokke aandrang van die onderhawige dokument voldoen.

3.3.2.2 "Education White paper 4. A Programme for the transformation of further education and training. Preparing for the twenty-first century through education, training and work", August 1998

Die Witskrif oor verdere onderwys en opleiding ("Further Education and Training") is ontwerp om die integrasie van opvoeding en opleiding en die leerder se vordering en beweging te bevorder (Department of Education, 1998:14). Skole moet aangemoedig en ondersteun word volgens die "Education White Paper 4" (Department of Education, 1998:23) om meer betekenisvolle en gevarieerde geleentheid aan jongmense te verskaf, ten einde bruikbare en relevante kennis en vaardighede te bekom. Skole moet veral gehelp word om die behoeftes van leerders in die senior sekondêre fase aan te spreek. In die toekoms sal daar volgens dié genoemde "Education White Paper 4" (Department of Education, 1998:29) veral onder andere gefokus word op voorligting- en raadgewende dienste en die loopbaanvoorbereiding van die leerders. Programme om onder andere menslike hulpbrontwikkeling, entrepreneurskap en werkskepping te bevorder sal in die toekoms aandag geniet met die hulp van die staat (Department of Education, 1998:40). Die relevansie van dié dokument vir die 'Voorligtingsverrykingsprogram' deur die Universiteit van Pretoria is die doelgerigte voorligting en berading en loopbaanvoorbereiding wat die betrokke jeugdige ontvang het tydens deelname aan die program, sowel as menslike hulpbron- en

entrepreneurskapsontwikkeling. 'n Doelbewuste poging was dus aangewend om die betrokkenes by die program voor te berei vir die 21 ste eeu deur gepaste onderwys en opleiding.

3.3.2.3 “The White Paper on Education and Training”, March 1995

Dié Witskrif is van mening dat onderwys en opleiding sentrale aktiwiteite vir die samelewing is en daarom beskryf hierdie dokument die proses van transformasie en 'n nuwe visie vir die onderwys- en opleidingstelsel. Onderwys en opleiding moet verander en 'n sisteem ontwikkel wat elkeen, sonder uitsondering, die kans gun om sy talente te ontwikkel. Nuwe prioriteite, waardes en beginsels word beskou as essensiële elemente van menslike hulpbronbeplanning (Department of Education, 1995:5 & 13 & 15). Onderwys en opleiding is basiese menseregte en alle individue behoort toegang te verkry tot kwaliteit lewenslange onderwys en opleiding (Department of Education, 1995:21). 'n Geïntegreerde benadering word voorgestel vir onderwys en opleiding wat 'n leerbeskouing impliseer en wat 'n rigiede skeiding verwerp tussen 'akademiese' en 'toegepaste', 'teorie' en 'praktyk', 'kennis' en 'vaardighede', 'hoof' en 'hand'. Só 'n benadering sal die diskrepansie onderskep wat tans bestaan tussen die onderwys- en opleidingstelsels, prestasies en basiese behoeftes tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. *“By every index, African communities, followed by Coloured communities, have the highest deficits in the provision of basic services, and lowest level of access to the means of providing a better quality of life”* (Department of Education, 1995:18).

Dié dokument benadruk die erns van die geskikte kombinasie van vakkeuses, want andersins ontvang die tersiêre instansies leerders vanuit die sekondêre onderwys wat verkeerde vakkeuses op skool gemaak het en leerders wat probleme ervaar met taalvaardighede, wetenskap en met wiskunde (Department of Education, 1995:32). Die oorkoepelende Onderwysverrykingsprojek te Eersterust deur die Universiteit van Pretoria, het die probleme ten aansien van vakke soos Wiskunde en Wetenskap aangespreek deur ekstra klasse wat na skoolure aangebied was. Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ as intrinsieke deel van die Onderwysverrykingsprojek het die Bruinjeugdige in die sekondêre skoolfase te Eersterust se tendens van verkeerde vakkeuses aangespreek, deur die korrekte vakkeuses aan te beveel deurdat professionele kundigheid aangewend was (vergelyk Hoofstuk Vier vir 'n bespreking van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’).

3.3.2.4. “Draft White Paper on Higher Education”, April 1997

Hoër onderwys het volgens bogenoemde dokument (Department of Education, 1997:9) die doel om individue se leerbehoefte en –verwagtinge deur die ontwikkeling van hul intellektuele vermoëns en aanleg te bevorder. Sodoende kan die individue hul talente selfaktualiseer deur die geleentheid wat deur die samelewing gebied word. In die kennisgedrewe en kennisafhanklike samelewing waarin die jeugdige hulle gaan bevind, word die arbeidsmark gevoed deur Hoër onderwys met hoë vlak

kompeterende kundigheid. Laasgenoemde is noodsaaklik vir 'n moderne ekonomie, deurdat die persone in die arbeidsmark onderrig word om sekere sosiale funksies te vervul en die aangeleerde professies te betree. Die relevansie van dié dokument vir die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is opgesluit in die bevordering en ontwikkeling van die betrokke jeugdige se vermoëns en aanlegte, ten einde te antwoord op die vraag na die gereedmaking van persone vir hoë vlak kundigheid vir die ekonomie en die land se uiteindelijke welvaart.

3.3.2.5 “Green paper on further education and training. Preparing for the twenty-first century through education, training and work”, April 1998

Dié Groenskrif bied 'n nuwe raamwerk vir verdere onderwys en opleiding (“Further Education and Training”). Hierdie sisteem het ten doel om al die mense van Suid-Afrika, ongeag van hul ouderdom, hulle volle menslike potensiaal te laat ontwikkel en 'n bydrae te lewer tot die opbou van 'n regverdige, demokratiese en vooruitstrewende samelewing, met 'n groeiende ekonomie. Dié genoemde faktore kan slegs gebeur indien lewenslange leer en persoonlike ontwikkeling plaasvind en sodoende kan nasiebou en 'n regverdige en ewekansige samelewing getransformeer word (Department of Education, 1998:2). Volgens dié genoemde dokument is die noodsaak daar dat hulp aan leerders verleen moet word om ingeligte loopbaankeuses te maak. Loopbaansvoorligtings- en ondersteuningsdienste moet inligting beskikbaar maak rakende onder andere kwalifikasies en arbeidsgeleenthede in die arbeidsmark. Voorligting, beradings en ook sielkundige dienste moet geredelik beskikbaar wees aan alle leerders (Department of Education, 1998:41). Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het die jeugdige nie net enersyds gehelp om ingeligte loopbaankeuses te maak deur middel van voorligting nie, maar sielkundige hulp (berading) is ook andersyds gelewer.

3.3.2.6 “A Policy Framework for Education and Training” African National Congress, 1995

Hierdie dokument bied 'n visie van 'n transformasieproses met 'n hergekonstrueerde en demokratiese onderwysstelsel wat kwaliteit lewenslange leer en opvoeding kan bied aan alle landsburgers. Die vorige kurrikulum onder die apartheidsbestel was ontegenwoordig vir veranderende arbeidsmarkbehoefte en het nie daarin geslaag om leerders genoegsaam te ontwikkel en voor te berei vir die wêreld van werk en vir aktiewe deelname in die proses van sosiale en ekonomiese ontwikkeling nie (African National Congress (ANC), 1995:71). Opvoeding sal gebaseer wees op die prinsipe van ko-samewerking, kritiese denke en burgerlike verantwoordelikheid ten einde die individu te bemagtig vir deelname aan alle aspekte van die samelewing. Die onderwysproses sal voortaan fokus op die ontwikkeling van 'n nasionale demokratiese kultuur, wat respek toon vir 'n variasie van kulture en taaltradisies. Vrede, regverdigheid en stabiliteit sal ook aangemoedig word vir die samelewing en vir die nasie (ANC, 1995:3-5).

Onderwys en opleiding het 'n belangrike rol te speel in die bydrae tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling deur individue te bemagtig tot aktiewe deelname in die demokratiese proses en in die ekonomie (ANC, 1995:17). Dié dokument bevorder ook die beroepsloopbaan as 'n hulpmiddel in al die sektore van die ekonomiese aktiwiteite (ANC, 1995:18). "The General Education Certificate" maak voorsiening vir 'n algemene opvoeding en in al die vakke sal die studente gesensitiseer word vir die wêreld van werk en word die leerders voorberei vir die behoeftes van 'n veranderende en dinamiese ekonomie en samelewing (ANC, 1995:73). Die ontwikkeling van menslike potensiaal geniet aandag sodat dit vir 'n ieder en elk moontlik sal wees om 'n bydrae te maak en om sosiale welvaart in die land te vermeerder (ANC, 1995:4). Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se doelwitte korreleer met dié dokument deurdat daar gepoog was om die jeugdige voor te berei vir die wêreld van werk en die behoeftes van 'n snel veranderende wêreld deur voorligting en berading aan te spreek het.

3.3.2.7 "Quality Education for all: Overcoming barriers to learning and development. Report of the National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET). National Committee for Education Support Services (NCESS)", November 1997

Volgens dié dokument "Quality Education for all. Overcoming barriers to learning and development" Department of Education, 1997:xi) behoort alle leerders toegang te hê tot lewenslange leer en dat die onderwysproses die leerders moet voorberei vir die wêreld van werk en die lewe. Die dokument wys daarop dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika dikwels gekritiseer is vir die onvermoë om die leerders vir die wêreld van werk en die lewe voor te berei. Die nuwe kurrikulum het ten doel om alle leerders te bemagtig met kennis, vaardighede en oriëntasies ten einde suksesvol te wees na voltooiing van hul studies en vir die wêreld van werk (Department of Education, 1997:99). In 'n demokratiese samelewing behoort 'n onderwysstelsel voorsiening te maak vir kwaliteit onderwys vir alle leerders met hul verskeie behoeftes, sodat die leerders hul volle potensiaal kan verwesenlik en sodoende 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te kan maak en vir integrasie in die samelewing (Department of Education, 1997:13-14, & 66). Die ouers en die samelewing behoort aktief betrokke te wees in die onderwys- en leerproses, in dié dat die ouers as die primêre opvoeders van die leerders erken word en 'n belangrike en sentrale bron en skakel in die onderwysstelsel is.

Volgens die dokument onder bespreking (Department of Education, 1997:96) het die voorligtingsarea van die vorige onderwyskurrikulum sekere aspekte van lewensvaardighede ingesluit, naamlik persoonlike-, interpersoonlike-, loopbaan- en opvoedkundige ontwikkeling. Die nuwe area van lewensoriëntering sal die onderwerp 'voorligting' aanneem (vergelyk bespreking van die uitkomst van Lewensoriëntering in paragraaf 3.3.2.13). Lewensvaardighedsopleiding is 'n noodsaaklikheid en nie 'n luukse nie en behoort deel te wees van die kurrikulum op alle vlakke van onderwys, aldus die dokument "Quality Education for all. Overcoming barriers to learning and development", (Department of

Education, 1997:97). Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' onder bespreking vind aansluiting by die bespreekte dokument deurdat daar gestreef was om die voornemende UP-kandidate se volle potensiaal te ontwikkel en die ouers en die samelewing (veral die voorligtingonderwysers) in die program te betrek.

3.3.2.8 "Education for all. From "Special needs and support" to developing quality education for all learners. 1. Public Discussion Document and 2. Summary of Public Discussion Document", August 1997

Bogenoemde dokumente sal gesamentlik bespreek en voortaan kortweg genoem word "Education for all. Public Discussion Document" en "Education for all. Summary of Public Discussion Document". Volgens die dokument "Education for all. Public Discussion Document" (Department of Education, 1997:25) is onderwys volgens die konstitusie 'n basiese reg en konstateer die konstitusie dat elkeen die reg het tot basiese onderwys wat volwasse basiese onderwys insluit en dat verdere onderwys deur die staat progressief en in redelikheid beskikbaar gemaak moet word. Die dokument "Education for all. Summary of Public Discussion Document" (Department, 1997:12) is van mening dat onderwys betekenisvol en relevant moet wees in die lewens van alle leerders. Gevolglik moet die onderwys hul voorberei vir die wêreld van werk, om lewensvaardig te wees en om die suksesvolle integrasie in die samelewing te bewerkstellig. Dié dokument bepleit die optimale en effektiewe betrokkenheid en invloed van die gemeenskap en veral ten aansien van die ouers in die onderwys van die leerders op alle vlakke en veral in besluitneming ten aansien van belangrike aangeleenthede. Hiermee word ook die vennootskap tussen die ouers en ander opvoeders bedoel, ten einde die ouers te bemagtig om die leerders by te staan in die leerproses ("Education for all. Summary of Public Discussion Document") (Department of Education, 1997:14) en ("Education for all. Public Discussion Document") (Department of Education, 1997:63) (vergelyk paragraaf 2.4.2).

In die dokument ("Education for all. Summary of Public Discussion Document" (Department of Education, 1997:44) word aanbevelings gemaak aangaande Lewensvaardigheidsonderwys, maar vervolgens eers 'n definisie van 'Lewensvaardigheid' of te wel "Lifeskills" volgens dié dokument: "*Life skills are abilities for adaptive and positive behaviour that enables us to deal effectively with the demands and challenges of everyday life*". Die aanbevelings volgens "Education for all. Summary of Public Discussion Document" (Department of Education, 1997:16) is die volgende met betrekking tot lewensoriëntering: "*Die nuwe leerarea van lewensoriëntering, wat lewensvaardighede insluit, moet die vak 'voorligting' vervang; onderwysers wat opleiding ontvang het in die area van 'voorligting' kan aangewend word in die lewensvaardighedsarea; lewensvaardigheidsonderwys moet op alle vlakke van die onderwys aangebied word en spesialiste en kundige persone van buite soos vanuit die gemeenskap en ander gespesialiseerde dienste moet aangewend word om van hulp te wees met die opleiding van opvoeders en onderwysers in die lewensvaardigheidsonderwys* (Department of Education, 1997:16). "*Beroepsleiding en -voorligting moet voorsien word aan alle leerders deur middel van die fokus op*

spesifieke en toepaslike lewensvaardigheidsareas en deur addisionele beroepsberading en –voorligting aan te bied soos benodig, ten einde werkloosheid te verminder en sosiale geleenthede te vermeerder” (Department of Education, 1997:17 & 34).

Loopbaanvoorligting was voorheen volgens die dokument “Education for all. Public Discussion Document” (Department of Education, 1997:52) ‘n nie-eksaminerende vak wat in sommige skole in Suid-Afrika onderrig was. Dié voorligting het verskeie aspekte van lewensvaardighede omsluit en in die besonder, persoonlike-, interpersoonlike- en opvoedkundige ontwikkeling. Die definisie van die “Wêreld Gesondheid Organsisasie” is meer omvattend ten aansien van lewensvaardighede en sluit die volgende vermoëns in om die uitdagings en eise van elke dag te kan hanteer naamlik; keusemaking, probleemhantering, kreatiewe- en kritiese denke en effektiewe kommunikasie. Dié definisie sluit verder in interpersoonlike verhoudingsvaardighede en om ander te respekteer, bewustheid van die self, die vermoë om empaties te kan optree, hantering van stres en die emosies, vaardighede om te leer en die self te ontwikkel en aanpasvermoë in omstandighede en die omgewing wat onveranderbaar is (Department of Education, 1997:53). Volgens die dokument “Education for all. Public Discussion Document” (Department of Education, 1997:56) moet loopbaanonderwys en –voorligting vir alle leerders beskikbaar wees binne die konteks van lewensvaardigheidsonderwys en vir sommige leerders waar nodig, as addisionele loopbaanvoorligting en –berading. Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ vind veral raakpunte met die vennootskapsappèl tot betrokkenheid by die jeugdiges se leerproses deurdat daar gepoog was om die ouers, die onderwysers en die samelewing te betrek by die aktiwiteite van die betrokke program (vergelyk paragraaf 2.4.2 en Figuur 2.1). Raakpunte word ook gevind in die genoemde area ‘Lewensoriëntering’ en dan spesifiek die lewensvaardighede wat aangebied was vir jeugdiges wat spesifieke probleme ondervind het. Die lewenskundighede- en vaardighede vraelys was aangewend om te bepaal waar die betrokke jeugdiges se beroepsloopbane ongunstig beïnvloed kon word en is voorligting en berading aangebied deur middel van lewenskundighede en -vaardighede fasilitering (vergelyk paragraaf 4.1.3).

3.3.2.9 “Discussion Document. Lifelong Learning through a National Qualifications Framework. Report of the ministerial committee for development work on the NQF”. February 1996

Dié bogenoemde dokument “Lifelong Learning through a National Qualifications Framework” (Department of Education, 1996:8) en die ‘Voorligtingsprogram’ het die volgende in gemeen ten aansien van die ontdekking en ontwikkeling van opvoedkundige- en loopbaanmoontlikhede: die bewusmaking van die leerders se persoonlike waardes (soos met die Lewenskundighede- en vaardighede vraelys), die leerders se vermoëns, aanlegte en aspirasies en hoe hierdie die leerders se keuses hul geleenthede gaan beïnvloed; die bewusmaking van beskikbare persoonlike- en loopbaangeleenthede (soos met psigometriese assessering plaasgevind het); die verstaan van die verhouding tussen onderwysprestasies en

loopbaangeleenthede; kennis van verskeie werksplekke en die rolle, vaardighede en vermoëns van die mense wat hul daar bevind (derhalwe loopbaanverkenning deur die jeugdige voor loopbaantoetredede). Die leerder moet homself gevolglik verstaan en kennis dra van al sy vermoëns en belangstellings, ten einde 'n betekenisvolle rol in die samelewing te kan speel. Die leerder moet ook kennis dra van al die verskillende geleenthede wat beskikbaar is en veral ten aansien van die voorbereiding van verskeie loopbaangeleenthede om sodoende doelwitte vir hulself te stel. (Department of Education, 1996:15).

Volgens bogenoemde dokument ("Lifelong Learning through a National Qualifications Framework") Department of Education, 1996:Appendix F) behoort die assessering van die leerder toepaslik te wees vir sy ouderdom, volwassenheidsvlak, sy individuele behoeftes en vermoëns en ook sy kulturele, linguistieke en sosio-ekonomiese agtergrond (vergelyk paragraaf 5.3.4). Assessering is dus 'n gekompliseerde proses en met die Eersterust-jeugdige in gedagte was deur die programaanbieder gepoog om tydens implementering van die 'Voorligtingsverrykingsprogram', van die kennis en vaardighede enersyds van veral die onderwysers (veral die voorligtingonderwysers) gebruik te maak en andersyds van haar eie professionele kundighede waaroor sy beskik as Opvoedkundige-Sielkundige.

3.3.2.10 "Report of the National Committee on Further Education. A Framework for the Transformation of Further Education and Training in South Africa", August 1997

Die *doel* van die "Further Education and Training"(Department of Education, 1997:6) voortaan kortweg genoem, "FET" is die volgende: om leeders voor te berei vir arbeid en verdere- en hoër onderwys, die ontwikkeling van effektiewe burgers in 'n demokratiese samelewing en sodat die leeders bemagtig kan word om 'n bydrae te lewer tot die ekonomie. Die leeders se behoeftes vanuit 'n holistiese beskouing en sosiale ontwikkeling, moet veral ook aangespreek word. Die "FET" (Department of Education, 1997:6) is van *voorneme* om die volgende te laat plaasvind ten aansien van die leeders: Die leeders met kennis en vaardighede te bemagtig sodat hulle as kritiese probleemoplossers in 'n veranderende wêreld kan optree, die jeug en volwassenes vir Hoër opleiding voor te berei, om te voorsien in geleenthede vir voortdurende leer en persoonlike ontwikkeling en sodat menslike ontwikkeling in die proses kan plaasvind.

Volgens hierdie dokument onder bespreking ("FET") (Department of Education, 1997:9) het daar in die verlede 'n bevoegdheidsgaping bestaan tussen die standerd-10 sertifikaat en die toetredede tot hoër opvoedkundige instansies. Twee faktore was verantwoordelik vir die situasie, naamlik die senior sekondêre sertifikaat is verwerf sonder die nodige bekwaamhede en bevoegdheids vir sukses in die Hoër onderwys en die addisionele intreevlak vereistes wat gestel is deur spesifieke fakulteite of instansies vir Hoër onderwys. Oorbruggingsprogramme is noodsaaklik om hierdie bevoegdheidsgapings te oorbrug en dit het implikasies vir die "FET" programme en die voorsieners, waaronder universiteite en teknikons resorteer. Die voorsieners poog deur middel van hul uitreik- en gemeenskapsprogramme om dit vir die

leerders moontlik te maak om die wêreld van tersiêre studies te kan betree (Department of Education, 1997:12 & 180). Die sekondêre skole voorsien grootliks die universiteite en teknikons van leerders.

Volgens die genoemde dokument bied die oorgrote meerderheid skole vakke wat min in gemeen het met die behoeftes van die land en die ekonomie (Department of Education, 1997:27). Leerders in dié skole ontvang nie voldoende loopbaanvoorligting om die ekonomiese behoeftes van die land aan te spreek nie. Een van die doelwitte van onderwys volgens die "FET"(Department of Education, 1997:72) is om die leerder tot volwassenheid te begelei vanaf kindwees, met die nodige vaardighede sodat hy verstandige en verantwoordelike besluite kan neem in sy persoonlike- en loopbaanlewe. Gevolglik het onderwys die volgende waarde: a). as 'n sosialiseringfunksie vir effektiewe burgerskap b). die bevordering van geestelike en verstandelike gesondheid en c). om die leerder van kennis te voorsien vir verder studies en die wêreld van werk..

Volgens dié dokument (Department of Education, 1997:73) is loopbaanbeoefenaars onvoldoende voorberei om die arbeidsmark te betree. Die tekorte in die land is tot 'n sekere mate te wyte aan die tekort aan voldoende algemene onderwys, tegniese vaardighede en lewensvaardigheidsonderwys. Leerders moet gevolglik op 'n professionele wyse voorligting ontvang om voorberei te word vir die wêreld van werk. Sodoende kan hulp verleen word om 'n verantwoordbare loopbaankeuse te kan maak wat die leerders sal bemagtig om die veranderinge en eisestellinge van die toekoms te kan hanteer. Lewensvaardigheidsonderwys behoort daarom nie net in die voorligtingsperiodes geïmplementeer te word nie, maar behoort 'n integrale deel uit te maak van elke akademiese vakperiode, in dié mate dat die verband uitgewys moet word tussen die vakinhoud en die belang van die betrokke akademiese vak in die wêreld van werk.

Dié dokument onder bespreking wys ook op die noodsaak aan entrepreneurskap (Department of Education, 1997:47), ten einde verligting te bring vir die twee teikengroepe; die jeug en die werkloos. Dié genoemde mense behoort werksgeleenthede vir hulleself te kan genereer. Die "FET" programme het die taak ophande om in hul kurrikula metodes in te sluit om die leerders vir die genoemde opsies voor te berei. Die begrip vir die wêreld van werk is 'n voorwaarde vir die sukses van dié genoemde programme. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het die genoemde oorbruggingsprobleem tussen sekondêre onderwys en tersiêre opleiding (soos aan 'n universiteit) aangespreek deurdat daar op 'n professionele wyse deur 'n kundige persoon aan die jeugdige voorligting en berading aangebied was. Hierdie betrokke jeugdige behoort gevolglik voorberei te gewees het vir die eise wat tersiêre opleiding aan hulle gebied het en behoort hulle dit te kon hanteer. Entrepreneurskap as 'n gedeelte van die antwoord teen werkloosheid, is aangespreek om die jeugdige sodoende te bemagtig vir die kompeterende en veeleisende wêreld van werk.

3.3.2.11 “Understanding the SA Schools act. What public schools governors need to know”, 1997

Volgens dié dokument, kortweg (Potgieter, Visser, Van der Bank, Mothata & Squelch, 1997:5-6) het die Republiek van Suid-Afrika sedert 1996 ‘n demokratiese konstitusie. Die konstitusie erken die reg van elkeen tot basiese onderwys. Die staat moet veral toesien dat hoë standaarde in die onderwys gehandhaaf word en die toenemende beskikbaarheid van verdere onderwys laat realiseer. Leerders behoort ook beter gemotiveer te word om hul opvoeding ‘n saak van erns te maak en geleenthede wat beskikbaar is te gebruik.

3.3.2.12 “Outcomes Based Education in South Africa. Background information for Educators”, March 1997

Die hoogs kompeterende en veranderende wêreld waarin die jeug hul bevind, rig ‘n appèl tot skole om bevoegde burgers te lewer wat oor buigbare denke en onafhanklike leervermoëns beskik (Department of Education, 1997:28). Die oorhoofse doel van nasionale onderwys moet gevolglik wees om leerders te bemagtig om sukses en toegang tot lewenslange onderwys en opleiding te ontvang. Voorafgaande kan alleenlik gebeur as die tradisionele metodes van onderwys en opleiding vervang word deur *uitkomsgebaseerde leer*. Die implikasie hiervan is dat die klem geplaas word op wat die leerder weet en kan doen aan die einde van die leerproses, in plaas van die metodes en betekenis wat gebruik is om die resultate te verdien (Department of Education, 1997:11). *“Outcomes-based education is a learner-centred, results-oriented design, based on the belief that all individuals can learn”* (Department of Education, 1997:17). *“Outcomes are the results of learning processes, formal, non-formal or informal and refer to knowledge, skills, attitudes and values within particular contexts. Learners should be able to demonstrate that they understand and can apply the desired outcomes within a certain context”* (Department of Education, 1997:4). Die kurrikulum van “Outcomes Based Education” bestaan uit agt leerareas waaronder lewensoriëntering een leerarea is en lewensvaardighede onder lewensoriëntering ressorteer. Die uitkomst in lewensoriëntering fokus onder meer op lewensvaardighede en die konteks. Die kundige en spesiaal-opgeleide persone wat voorligting en berading aan die leerders bied, behoort kultureel sensitief te wees oor die sosiale konteks heen (Department of Education, 1997:15, 17, 24 & 26).

Verryking volgens dié dokument omsluit die volgende naamlik, verbreding van kennis, die gebruik van gevorderde denkvaardighede soos analisering, sintetisering en evaluering en die uitvoering van onafhanklike navorsing (Department of Education, 1997:52-53). Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ het ten doel gehad om verryking by die leerders te laat plaasvind deurdat ‘n kundige opgeleide persoon gepoog het om veral hulle kennis aangaande hul aanlegte, hul vermoëns, hul vaardighede en hul persoonseenskappe te verbreed. Dié dokument bepleit die volle persoonlike ontwikkeling van elke leerder en die ontginning van onderwys- en loopbaangeleenthede. Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’

vind hierby aansluiting in die nastrewing van die doel tot volle persoonsontwikkeling en daarmee die gepaardgaande loopbaanvoorligtings- en beradinghulpverlening. Die entrepreneursvermoëns van die leerders moet volgens die dokument onder meer ontwikkel word (Department of Education, 1997:24-25). Die jeugdiges in die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is deurentyd bewus gemaak van die voordele verbonde aan en die onvermydelike aandrang vir entrepreneurskap.

3.3.2.13 Kurrikulum 2005 Lewensoriëntering. Grondleggende Fase. Gids vir Christenonderwysers, 1997

Lewensoriëntering is een van die agt leerareas. Hierdie leerarea konsentreer op daardie vormende aspekte van die skoolonderrig wat behoort te lei tot die omvattende ontwikkeling van die leerder as volledige menslike wese (PU vir CHO, 1997:xv). Die spesifieke uitkomstes vir Lewensoriëntering is soos volg volgens die Kurrikulum 2005. Lewensoriëntering. Grondleggende Fase. Gids vir Christenonderwysers (PU vir CHO, 1997:xvi)

"Leerders moet hulle self sien en begryp as unieke en waardevolle menslike wesens, hulle moet die gesindhede en waardes aan die dag lê waarmee verhoudings in die gesin en gemeenskap bevorder word, die leerders moet eerbied kan betoon en waarde heg aan menseregte soos blyk uit Ubuntu en ander soortgelyke filosofieë, hulle moet lewens- en besluitnemingsvaardighede aanleer, die leerders moet loopbaan- en ander beroepsmoontlikhede kan evalueer en vir hul oogmerke formuleer wat hulle in staat stel om hulle potensiaal en talente te gebruik, hulle moet toon dat hulle beskik oor waardes en die gesindhede wat nodig is vir 'n gesonde en ewewigtige lewenstyl, die leerders moet aktiwiteite kan evalueer en ook aan die aktiwiteite deelneem wat lei tot doeltreffende menslike beweging en ontwikkeling".

3.3.2.14 "Curriculum 2005. Lifelong learning for the 21st Century", February 1997

Volgens hierdie dokument is die nuwe onderwys- en opleidingsstelsel 'n lewenslange stelsel wat mensgesentreerd is. Vir die eerste keer sal hoë kwaliteit onderwys vir almal beskikbaar wees, ongeag van kleur, ras, geslag, godsdiensoortuiging, vermoëns en taalvoorkeur. Die leerders kan deur dié stelsel bemagtig word om te kan deelneem as aktiewe burgers aan die opbou van die land en om internasionaal kompetend te wees (Department of Education, 1997:2). Dié genoemde nuwe stelsel beskryf agt verskillende leerareas, waaronder **Lewensoriëntering**, wat van belang is vir die 'Voorligtingsverrykingsprogram'. Die samelewing ondergaan tans snelle veranderings en vir die leerder om die veranderings te kan hanteer, noodsaak lewensoriënteringsvaardighede soos onder andere die opbou van 'n positiewe selfkonsep, oorlewingsvaardighede en 'n gesonde leefstyl (Department of Education, 1997:14). Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het onder andere deur middel van die Lewenskundighede en -vaardighede vraelys gepoog om by elke voornemende UP-kandidaat dié areas te

ontbloom wat voorligting en berading benodig het. Op dié wyse kon hulp verleen word aan die kandidate wat deelgeneem het aan die genoemde program, om sodoende voorberei te word vir die snel veranderende wêreld van werk.

3.3.2.15 “Curriculum 2005. Specific outcomes assessment criteria range statements. Grades 1 to 9. Discussion Document” April 1997

“The overall goal of the curriculum is to provide children with opportunities to develop to their full potential as active, responsible and fulfilled citizens who can play a constructive role in a democratic, non-racist and equitable society” (Department of Education, 1997:4) In die senior-fase (graad sewe tot nege) van die ‘Algemene Onderwys en Opleiding Sertifikaat’ behoort die leerders voorberei te word vir die lewe na skool, dit wil sê, die wêreld van werk en die volwasse lewe. Geletterdheidsprogramme behoort geleenthede vir die leerders te bied om ingelig te word oor loopbaan- en verdere leergeleenthede, hoe die leerder se verwagtings oor die toekoms realiseerbaar is en inligting oor hul regte en verantwoordelikhede in ‘n demokratiese en multikulturele samelewing (Department of Education, 1997:5). Die senior sekondêre skole vorm deel van die “Further Education and Training” (FET) en op dié vlak behoort leerders voorberei te word vir Hoër onderwys, loopbaanonderwys, loopbane en selfwerksaamheid (Department of Education, 1997:6).

Ten einde by te dra tot die totale persoonlike ontwikkeling van elke leerder (sosiale en ekonomiese ontwikkeling oorkoepelend), behoort enige geletterdheidsprogram se onderliggende doel te wees om die leerder attent te maak op die belang van die volgende: Deelname as ‘n verantwoordelike burger op plaaslike, nasionale en internasionale vlak, om kultureel sensitief te wees oor ‘n reeks sosiale kontekste, om ondersoek in te stel na onderwys en loopbaangeleenthede en die ontwikkeling van entrepreneursgeleenthede (Department of Education, 1997:10 & 12). Volgens die dokument onder bespreking verwys uitkoms (“outcomes”) na dit waartoe die leerders instaat is om te doen aan die einde van ‘n leerervaring en dit sluit vaardighede, kennis en waardes in. Die fokus in uitkomsgebaseerde onderwys en -opleiding is die skakel tussen die intensies en resultate van leer en nie die tradisionele benadering van die lys van inhoud wat beskerm word in ‘n geletterdheidsprogram nie (Department of Education, 1997:12).

Een van die leerareas van “Curriculum 2005” is ‘**Lewensoriëntering**’ en hierdie spesifieke area is fundamenteel om leerders te bemagtig om betekenisvolle lewens in ‘n snel veranderende samelewing te lei. **Lewensoriëntering** is ‘n integrale deel van onderwys, opleiding en ontwikkeling en staan sentraal in ‘n totaliteitsbeskouing van die leerders se intellektuele, fisiese, persoonlike, sosiale, geestelike en emosionele groei. Hierdie leerarea dra by tot die visie van individuele groei in die aanvraag tot ‘n demokratiese en stabiele samelewing, met kwaliteit lewe wat deur die leerder gevoer word in die gemeenskap, tot beswil van ‘n produktiewe ekonomie (Department of Education, 1997:8 & 220).

Lewensoriëntering het daarom ten doel om die positiewe waardes, houding en gedrag en vaardighede van die individu, maar ook die gemeenskap te bevorder. Dié leerearea bevorder die prestasie van individuele leerders se potensiaal deur bemagtiging van ondermeer, hul selfkonsep en selfaktualisering; die vermoë om gesonde verhoudings te ontwikkel en om ingeligte en verantwoordelike besluite te neem; onafhanklike, kritiese en kreatiewe denke; oorlewings- en hanteringsvaardighede; die poging tot lewenslange leer en die harmonie tussen die intellektuele, fisiese, geestelike en emosionele waardes. (Department of Education, 1997:220) (vergelyk paragraaf 3.3.2.13 “**Kurrikulum 2005. Lewensoriëntering**”, vir bespreking van die spesifieke uitkomst van Lewensoriëntering).

3.4 SINTESE

In hierdie hoofstuk is gepoog om die onderwys- en voorligtingvoorsiening aan die Bruinjeugdige te verhelder. Hierdie feite is beskryf vanuit ‘n historiese benadering, voor 1994 wat die demokratiese verkiesing van die Republiek van Suid-Afrika impliseer en ‘n resente benadering (ná 1994) wat multikulturele onderwys en –voorligting impliseer. Tydens die bespreking van die onderwys- en voorligtingvoorsiening vanuit ‘n verlede perspektief aan die Bruinjeugdige, is daarop gewys dat die voorsiening nie voldoende in die verlede was nie. Gevolglik was die spesifieke behoeftes van die Bruinjeugdige in die verlede nie aangespreek nie en is daar gepoog om die tekortkomings van die verlede aan te spreek deur die resente beskouing van onderwys en voorligting. Daarna is multikulturalisme bespreek aangesien onderwys en voorligting in Suid-Afrika vanuit ‘n multikulturele konteks beskou behoort te word, aangesien die jeugdiges hul in ‘n multikulturele samelewing bevind. Die Departement van Onderwys se “Tussentydse kernsillabus vir voorligting” is ook van nader beskou om die resente beskouing van voorligting te belig. Die nasionale beleidsdokumente wat die afgelope vyf jaar uitgegee is, is ook onder die loep geneem en dit dien as nasionale rigtingaanduiders in die resente beskouing van die sekondêre en tersiêre onderwys en -opleiding en ook van die voorligtingsituasie. Die toepassing van die resente dokumente op die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ het telkens aandag geniet tydens die besprekings van hierdie hoofstuk. In Hoofstuk Vier gaan vervolgens aandag geskenk word aan die bespreking van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ van die Universiteit van Pretoria te Eersterust.

HOOFSTUK VIER

‘N ONDERSOEK NA DIE ONTSTAANGESKIEDENIS, STRUKTUUR EN VERLOOP VAN DIE VOORLIGTINGS- VERRYKINGSPROGRAM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4.1 INLEIDING

Die Bruinjeugdige te Eersterust is soos geblyk het uit die besprekings van Hoofstukke Drie en Vier, aangewese op voorligting, ten einde voorberei te word vir die snel veranderende wêreld waarin hulle hul bevind. Die Bruinjeugdige met sy besondere verlede en agtergrond van sosio-maatskaplike, sosio-politiese en onderwys- en voorligtingsprobleme en deprivasie (vergelyk Hoofstukke Twee en Drie), behoort egter nie nêr vir die wêreld van werk voorberei te word nie. *“The youth need to be increasingly prepared for living a meaningful life, not only for a work situation...The personal potential of each young person must be cultivated and developed to the full”* (Malan, 1999:51).

Vervolgens gaan in dié hoofstuk die **‘Onderwysverrykingsprojek’** te Eersterust, met al die betrokke vennote en rolspelers kortliks bespreek word. Uitspruitend uit bogenoemde projek het die **‘Voorligtingsverrykingsprogram’** ontstaan met die oogmerk om die betrokke jeug voor te berei en te bemagtig vir suksesvolle tersiêre studies en ‘n groter kans om suksesvol te wees in die snel veranderende wêreld en die komende millennium met al die veranderende vereistes. Gevolglik is die einddoel van dié genoemde Eersterustprojek om die jeugdige as toereikend aangepaste en ontwikkelende landsburgers te laat bydra tot die land se welvaart. Govender & Dilley (soos aangehaal deur Malan, 1999:2) bevestig laasgenoemde stelling *“The critical role of career guidance in the development of a skilled workforce, labour productivity, flexibility and active participation in society was confirmed by the first international conference on career guidance in July 1994”*. Die **‘Voorligtingsverrykingsprogram’** as tema van dié studie se ontstaangeskiedenis, die rasionaal daarvan, die inhoud, metodes en veral die deelnemers aan die program, gaan vervolgens in hierdie hoofstuk van nader beskou word.

4.2 AGTERGROND OOR DIE RASIONAAL EN IN KONTEKSPLASING VAN DIE EERSTERUSTPROJEK

Die Eersterustprojek het sy ontstaan te danke aan die versoek van die eertydse skoolhoof van 'Eersterust Sekondêr Nommer Een' om hulp deur die Universiteit van Pretoria aan sy skool. Die motivering vir die Eersterustprojek was die destydse akademiese prestasie van studente uit Eersterust. In alle skole kom knelpunte in bepaalde vakke ten opsigte van inhoud en aanbiedingswyse voor, wat 'n effek kan hê op latere akademiese prestasie en die sekondêre skole van Eersterust is in hierdie opsig nie anders nie. Die ingeskrewe studente van Eersterust aan die Universiteit van Pretoria het probleme ondervind om aan te pas by die vereistes wat tersiêre studies aan hulle gestel het. Die oorsaak van die genoemde probleem kan aan die volgende redes toegeskryf word: 'n Gebrek aan behoorlike voorbereiding en onvoldoende beheer oor studiemateriaal en –metodes, asook swak studieoriëntering. Ter voorkoming van soortgelyke frustrasies vir voornemende studente het die Eersterustprojek sy ontstaan gehad (Van Vuren, 1992:31).

Die projek het aanvanklik net die missie gehad om aan matrikulante (graad twaalfleerders) hulp en bystand te verleen in bepaalde vakke waarin probleme ondervind is en terselfertyd hulp aan die onderwysers te verleen wat hulle onderrigvaardigheid (kundighede en vaardighede) betref, ten einde onderprestasie te elimineer. Hierdie hulpverlening het by wyse van ekstra klasse in die middag geskied. Tydens die verloop van die projek is ingesien dat daar, afgesien van moontlike onderprestasie ook sprake kan wees van foutiewe vakkeuses en was 'n uitgebreide voorligtings- en beradingsprogram ter ondersteuning van die oorhoofse onderwysverrykingsprogram ingesluit en so het 'n uitgebreide en volledige gemeenskapsprojek te Eersterust tot stand gekom (vergelyk paragraaf 1.2). Die steungewing in bepaalde vakke het egter geblyk van weinig waarde te wees indien die leerders nie gemotiveer was om te leer nie, nie oor die nodige studievaardighede beskik het nie en nie kreatiewe, innoverende leerders was nie. Voorafgaande rede het die spesifieke doelstellings van die projek noodsaak tot die volgende insluiting: Die leerders het hulp ontvang ten aansien van hul vakkeuses en om hulle te help om studiekursusse te kies wat in ooreenstemming met hulle aanleg was. Die leerders en ouers was ook bekend gestel aan die Universiteit van Pretoria deur onder andere besoeke aan die kampus, oueraande en loopbaanuitstallings. Die onderwysers en leerders was ook deurentyd op die hoogte gehou van nuwe kursusse en toelatingsvereistes. Die teikengroepe van die Eersterustprojek was die ouers, leerders en die voorligtingonderwysers (Universiteit van Pretoria, 1992:5).

Volgens Smit (vorige rektor van die Universiteit van Pretoria) was die Eersterustprojek in wese 'n vennootskapsprojek waarby die twee sekondêre skole van Eersterust, 'Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing' en die Universiteit van Pretoria betrokke was (Coetzee, 1990:2). Die woordeboek definiering van '**vennootskap**' is soos volg: "*Ooreenkoms waarby twee of meer persone of instansies hulle verbind om gesamentlik handel te drywe tot hul onderlinge voordeel*" (Odendal *et al*, 1997:1159). Hierdie definisie impliseer dus dat al die betrokkenes by die

Eersterustonderwysverrykingsprogram genoop was om hul bydrae en samewerking te lewer, ten einde die beste dividende en resultate uit dié genoemde projek te vind. Die onderwysvennootskapsprogram tussen die sekondêre skool 'Eersterust Sekondêr Nommer Een' en die Universiteit van Pretoria is met die totstandkoming van 'n tweede sekondêre skool, die 'Eersterust Sekondêr Nommer Twee' (of te wel, Prosperitas Hoërskool, soos later bekend) voortgesit. Die program is kort daarna by die eerste sekondêre skool (Eersterust Sekondêr Nommer Een) gestaak, nadat besluit is dat die onderwysers self die mas kan opkom en die behoefte aan hulpverlening nie meer gefigureer het nie en is die projek by die tweede sekondêre skool in Eersterust voortgesit tot 1996 (Universiteit van Pretoria, 1993:1). Dié genoemde onderwysvennootskap tussen die skole van Eersterust en die Universiteit van Pretoria is dan met die verloop van jare ontwikkel en verbeter op grond van die onderwysers se toename in ervaring en bekwaamheid en beter hulpverlening deur die Universiteit self (Coetzee, 1996:2) (vergelyk paragraaf 2.4 en Figuur 2.1).

Die Eersterustprojek is geïmplementeer vanaf 1989 en die projek is in 1996 getermineer omrede die ondersteuning en samewerking van die onderwysers en die skoolhoofde nie toereikend was nie (Dikwels het as voorbeeld gebeur dat die onderwysers nie sessies bygewoon het nie en die skoolprogram gewysig is sonder om die betrokke hulpverleners in kennis te stel). (Jacobs, Junie 1996:1). Die borg, Sanlam, het ook die finansiële ondersteuning aan die einde van 1994 gestaak omdat daar na hulle oordeel ook ander projekte was wat steun benodig het. Die idee was dat nadat kundigheid gevestig is, daar op ander milieu-benadeelde skoolomgewings gefokus moes word en só het die projek en ook die 'Voorligtingsverrykingsprogram' ten einde geloop (vergelyk paragraaf 5.4).

4.3 DOELSTELLINGS VAN DIE EERSTERUSTPROJEK

Die primêre doel van die Eersterustverrykingsprogram was in kort om kundigheid in die twee sekondêre skole te help vestig, sodat veral die voorligting aan leerders deur die skoolvoorligters self behartig kon word. *Verdere doelstellings* van die program was die vestiging van 'n leerkultuur by bepaalde skole en daarmee gepaardgaande die geformaliseerde opleiding van die onderwysers dat bykomende steungewing nie nodig hoef te wees nie (Coetzee, 1996:5). Coetzee (Eersterustprojekleier) noem dat die onderliggende rasionaal van die Eersterustprojek was dat steungewing aan alle matrikulante verleen moes word, sonder inagneming van hulle keuse van tersiêre inrigting vir verdere opleiding na voltooiing van matriek. Die motivering was dat beter matriekuitslae hulle sal help om aan toelatings- en keuringsvereistes te voldoen en hulle ook sal help in die oorgang van skool na universiteit en technikon (Coetzee, 1996:1). Hierdie uitgangspunt was van toepassing op die akademiese Onderwysverrykingsprogram, maar nie op die 'Voorligtingsverrykingsprogram' nie, aangesien dié program slegs gerig was op voornemende UP-kandidate. Die motivering van die Eersterustverrykingsprojek was dat beter vakprestasies in matriek, leerders sal help om aan tersiêre

instansies se keuringvereistes te voldoen en ook die oorskakeling na universiteit of technikon te help vergemaklik.

Die oorhoofse doelwit van die projek omvat die volgende aspekte volgens die projekteier, Coetzee (Coetzee, 1996:4-5).

- ❖ 'n Model vir onderwyssamewerking tussen die universiteit en skole te ontwerp en te ontwikkel waardeur skolastiese prestasie verbeter kan word en onderwysbevoegdheid bevorder kan word.
- ❖ Insig in die vakinhoud te verbeter.
- ❖ Denk-en leervaardighede te verbeter.
- ❖ Die toepassing van verworwe kennis om nuwe probleme op te los en te bevorder.
- ❖ Die leerders voor te berei vir na-skoolse studies en -opleiding.
- ❖ Selfvertroue en motivering te verbeter.
- ❖ Leerders te help om vakke te kies in ooreenstemming met hulle aanleg.
- ❖ Leerders, ouers en onderwysers bekend te stel aan die Universiteit van Pretoria deur middel van besoeke aan die kampus, oueraande en loopbaanuitstallings. Leerders en onderwysers op die hoogte te hou van nuwe kursusse en toelatingsvereistes, deur veral besoeke aan die Universiteit.
- ❖ Leerprobleme wat reeds op laerskoolvlak ontstaan het, op te hef.

Die Programdoelwitte was ter samevatting en in hooftrekke die volgende:

Hulpverlening was aangebied ten aansien van die volgende vakke: Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Rekeningkunde, Ekonomie, Engels, Bedryfseconomie, Tik en Lees- Skryf- en Rekenvaardighede op Laerskoolvlak. Hulpverlening was ook aangebied ten aansien van onderwysersopleiding, ontwikkeling van onderwysbestuursvaardighede en ontwikkeling van 'n universiteitskultuur, assesering en die voorligtingsverrykingsprogram (kampusbesoeke en voorligting), opedae, inligtingsdae (Fakultet Opvoedkunde besoek skool of andersom) en instelling van 'n voogprogram (Coetzee, 1996:4-5).

4.4 BESPREKING VAN DIE 'VOORLIGTINGSVERRYKINGS-PROGRAM'

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is intrinsiek deel van die Eersterustonderwysverrykingsprogram (hulpverleningsprogram) en het 'n aanvullende en noodsaaklike ondersteunende funksie verrig, ten einde die voornemende studente aan tersiêre inrigtings en veral aan die Universiteit van Pretoria voor te berei vir die uitdagende en veeleisende tersiêre studies. Dié program onder bespreking het die volgende ondersteunende funksie verrig tot die onderwysverrykingsprogram en die spesifieke vakhulp: Alle standaard sewe-leerders (graad nege) het beroeps- en loopbaanleiding ontvang, was geasseseer ten aansien

van persoons- en loopbaanverkenning en was vakkeuses vir hulle aanbeveel. Die standpunt was gehuldig dat leerprobleme in die seniorklasse vermy kan word indien leerders vakke in ooreenstemming met hulle aanleg en belangstelling kies. Alle voornemende studente van die Universiteit van Pretoria van standerd nege en tien ouderdom (grade elf en twaalf) was ook aan volledige assessering onderwerp, ten einde sinvolle studiekursusse aan te beveel en hulle te oriënteer vir die universiteitsstudies. Teen die einde van 1992 en gedurende 1993 is bykomende lesse deur middel van interaktiewe televisie aangevul en was sessies loopbaanleiding gebeeldsend waardeur daar hoofsaaklik op na-matriek studies en lewensvaardighede gefokus was (Coetzee, 1996:2-3). Oueraande en inligtingsessies was gereël en beurse en lenings is bekom vir dié voornemende studente met besondere potensiaal.

4.4.1 Bespreking van die Makrostruktuur van die Programverloop en – Aktiwiteite van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’

Vervolgens ‘n bespreking van die verskeie komponente van die makrostruktuur van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ (vergelyk Bylaag B).

4.4.1.1 Die inisieerders van die program en die skole betrokke

Die Universiteit van Pretoria en die ‘RGN’ was die hoofsaaklike inisieerders van dié program. In paragraaf 4.2 is genoem dat daar ‘n onderwysvennootskap was tussen die volgende betrokkenes: Die Universiteit van Pretoria, die ‘RGN’ en die twee sekondêre skole in Eersterust naamlik, ‘Eersterust Sekondêr Nommer Een’ en ‘Prosperitas Hoërskool’.

4.4.1.2 Die Teikengroepe

Die teikengroepe in die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ was die ouers (veral van die voornemende Universiteit van Pretoria studente), leerders van standerds sewe, agt, nege en tien (grade nege, tien, elf en twaalf), met die fokuspunt op standerd sewe en tien leerders (veral dié wat laat blyk het dat hulle voornemende studente Universiteit van Pretoria is) en die voorligtingonderwysers van die twee genoemde sekondêre skole in Eersterust.

4.4.1.3 Die Metodes

Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ was geïmplementeer deur middel van die volgende metodes (Malan, 1995:1-3):

◆ **Psigometriese assessering**

Die psigometriese assesseringsprogram het korliks die volgende *gestandaardiseerde persoons- en loopbaanverkenningmedia* ingesluit:

- Die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB).
- Die Selfondersoekvraelys (SOV).
- Die Opname van Studiegewoontes- en Houdingsvraelys (OSGH).
- Die Algemene Senior Aanlegtoets (ASAT).
- Die Persoonlike-, Huislike-, Sosiale- en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF).
- Gids vir die keuse van (a) skooltipe en (b) skoolvakke vir leerders in standerds vyf en sewe (Easy steps).
- Gids vir die keuse van 'n beroep en/of 'n beroepsveld vir leerders in standerds agt tot tien

Die psigometriese assesseringsprogram het die volgende *ongestandaardiseerde persoonsverkenningmedia* ingesluit:

- Vraelys: Lewenskundighede en lewensvaardighede ('n Behoeft-identifisering).
- 'Doelwit-in-die-lewe' vraelys. 'n Logoterapeutiese verkenningvraelys.
- 'n Streshanteringsvraelys.
- Die Werksontledingsvraelys.
- Beroepstudiememorandum.

Biografiese data van die leerders is ook ingesluit en die resultate van die media is geïntegreer in:

- a. 'n Belangstellingsbeeld.
- b. 'n Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld.
- c. 'n Studiebeeld.
- d. 'n Aanlegbeeld.
- e. 'n Lewenskundighede- en -vaardighedebeeld.
- f. 'n Lewensopvatlike beeld.

Die psigometriese assesseringsprogram word vervolgens volledig toegelig met betrekking tot die doel van die betrokke medium en die beeld waarin dit geïntegreer is. Dié bespreking is veral van toepassing op die 'Voorligtingsverrykingsprogram':

Tabel 4.1 Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se psigometriese assesseringsprogram

Asseseringsmedium	Doel van die medium	Watter geïntegreerde beeld en ouderdomsgroep?
<p><i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i></p>	<p>Dié vraelys is 'n loopbaanbelangstellingsvraelys wat skakeling tussen persoons- en loopbaaninligting vergemaklik. JL Holland het dié vraelys ontwikkel wat op sy beroepkeuse teorie geskoei is (Handleiding vir die Selfondersoekvraelys, 1992:2). Die teorie berus op die aanname dat die keuse van 'n loopbaan en gepaardgaande sosiale gedrag die eindresultaat is van individue en omgewings wat in 'n wisselwerking met mekaar tree (Holland, 1985:2-4). Hierdie gestandaardiseerde toets bestaan uit ses velde, naamlik:</p> <p>R=Realisties (Realistic) I=Ondersoekend (Investigative) A=Artisties (Artistic) S=Sosiaal (Social) E=Ondernemend (Enterprising) C=Konvensioneel (Conventional) (Handleiding vir die Selfondersoekvraelys, 1992:2)</p>	<p><i>Belangstellingsbeeld</i></p> <p>Die SOV is geskik vir persone van 15 jaar en ouer (ongeg van kultuuragtergrond) (Owen & Taljaard, 1995:459).</p>
<p><i>Die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB) (is gebruik vanaf 1989-1992)</i> Sedert 1993 was dit nie meer ingeskakel as medium nie, aangesien dit nie geskrewe weergawes van die leerders se ware belangstelling gebied het nie.</p>	<p>Volgens Owen & Taljaard (1995:447-448) is die doel met dié vraelys om loopbaanbelangstelling van standers 6 tot 10 leerders in skole van die destydse Departement van Kleurlingonderwys te meet. Die inligting wat verkry word, kan dien as hulpmiddel by opvoedkundige en loopbaanvoorligting. Hierdie is 'n belangstellingsvraelys wat uit die volgende komponente bestaan:</p> <p>Ta=Taal Uk=Uitvoerende Kuns Bk=Beeldende Kuns So=Sosiaal We=Wetenskap Te=Tegnies (prakties-handvaardig) Be=Besigheid Kw=Kantoorwerk</p>	<p>Hierdie vraelys is van toepassing op die ouderdomsgroepe: standerd 6 tot 10 leerders (Owen & Taljaard, 1995:447).</p>
<p><i>Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)</i></p>	<p>Die doel met die PHSF is om deur middel van 11 komponente die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings van die leerder te verken, ten einde sy mate van aanpassing te bepaal. Dié vraelys bestaan uit die volgende:</p>	<p><i>Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld</i></p> <p>Dié vraelys is van toepassing op hoërskool (sekondêre) leerders (standers 8, 9 en 10) (Owen & Taljaard, 1995:416).</p>

	<p><i>Persoonlike verhoudings (P)</i> P1=Selfvertroue P2=Eiewaarde P3=Selfbeheer P4=Senuweeagtigheid P5=Gesondheid</p> <p><i>Huislike verhoudings (H)</i> P6=Gesinsinvloed P7=Persoonlike vryheid</p> <p><i>Sosiale verhoudings (S)</i> P8=Sosialiteit Groep P9=Sosialiteit Individueel P10=Morele inslag</p> <p><i>Formele verhoudings (F)</i> P11=Formele verhoudings P12=Mate van eerlikheid in beantwoording (Owen & Taljaard, 1995: 415-416).</p>	
Die Opname vir Studiegewoontes- en Houding (OSGH)	<p>Die doel van dié vraelys is om 'n opname van die leerders se studiegewoontes en -houdings in verband met die akademiese prestasie te maak. Hierdie vraelys bestaan uit die volgende aspekte:</p> <p>Vu=Vermyding van uitstel WM=Werkmetode SG=Studiegewoontes OG=Onderwysergoedkeuring AO=Aanvaarding van die onderwys SH=Studiehouding SO=Studiegeoriënteerdheid (Handleiding vir die Opname van Studiegewoontes en -Houdings, (OSGH), 1989:3 & 7).</p>	<p>Studiebeeld en Studie georiënteerdheid</p> <p>Van toepassing op standers ses tot tien (Owen & Taljaard, 1995:421).</p>
Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)	<p>Die doel van die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT) is dat dit 'n groeptoets is vir akademiese intelligensie of skolastiese aanleg. Die toets bestaan uit die volgende komponente:</p> <p>S1=Woordanalogieë S2=Getallerye S3=Verbale redenering S4=Patroonvoltooiing Ve=Verbaal (induktiewe redenering NV=Nie-verbaal AVV=Algemene verstandelike vermoë (Malan, 1989:2).</p>	<p>Aanlegbeeld</p> <p>Die toets is gestandaardiseer vir Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners vanaf 13 jaar 6 maande to 18 jaar, maar kan ook vir volwassenes gebruik word (Owen & Taljaard, 1995:489).</p>
Opleiding in Lewenskundighede en -vaardighede	<p>Tydens die individuele voorligting aan die voornemende UP-kandidate was daar na afloop van die inskakeling van dié spesifieke vraelys en die interpretasie van elke individuele kandidaat se resultate, opleiding en berading aangebied. Dié opleiding en berading was veral gerig op die probleemvelde wat</p>	<p>Lewenskundigheds- en vaardighedsbeeld</p> <p>Dié betrokke vraelys was ingeskael vir die standerd 7 tot 10 groepe van albei skole.</p>

	<p>geïdentifiseer was en waaraan daar in die toekoms aandag geskenk moes word om werklik suksesvol in die wêreld van werk en as 'n multi-vaardige lewensvaardige individu te kan funksioneer. Die velde en onderafdelings van die 'Lewenskundighede en -vaardighede Vraelys' is soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gemeenskap- en Sosiale ontwikkeling Geestesgesondheid Gemeenskapverantwoordelikheid Menseregte Verkeersveiligheid Tegnologiese ontwikkeling • Persoon- en Selfontwikkeling Leierskap Geletterdheid/Opvoeding Selfkonsep en Selfhandhawing Portuurgroepinvloed Identiteitsontwikkeling • Selfbestuur Tyd- en Selfbestuur Finansiële bestuur Streshantering Studiemetodes Kommunikasievaardighede • Fisiese- en Seksuele Ontwikkeling Geslagsvoorligting Drank- en Dwelmmisbruik Inspanning en ontspanning Gesonde lewenstyl Aanvaarding van die eie liggaam • Loopbaanbeplanning en- Ontwikkeling Entrepreneurskap Probleemoplossing/ Besluitneming Die kry en behou van werk Loopbaanbeplanning en loopbaanontwikkeling Werkswaardes • Lewens- en Wêreldoriëntering Godsdiensoonderrig Lewens- en Wêreldoriëntering Politieke oriëntering Kulturele oriëntering Gesinsopvoeding (Malan, 1989:39-40). 	
<p><i>'Doelwit-- in- die- lewe' vraelys</i></p>	<p>Hierdie selfbeoordelingsvraelys is deur Crumbaugh en Maholick in 1969 as 'n houdingskaal ("The Purpose in Life test", (PIL) ontwerp, ten einde 'n kwantitatiewe indeks te verkry van die mate van sinvolheids- of sinloosheidsbeleving. Die rasionaal van die PIL is ontleen aan die</p>	<p>Lewensopvatlike beeld</p> <p>Hierdie vraelys was tydens die program onder bespreking ingeskakel op dié voornemende UP-kandidate wat dit benodig het en was dus nie noodwendig elke jaar aangewend nie.</p>

	logoterapeutiese denkraamwerk. Dié vraelys is in 'n Afrikaans-vertaalde vorm beskikbaar (Henning, 1986:66).	
<i>Gids vir die keuse van a) skooltipe en b) skoolvakke vir leerders in standerds vyf en sewe (Easy steps).</i>	Hierdie vraelys het ten doel : <ul style="list-style-type: none"> • die leerders te oriënteer ten aansien van selfkennis, loopbaankennis, loopbaangeleenthede en vakkeuse en loopbaankeuse. • die leerders te identifiseer wat nog nie keusegereed, -seker en geskik is nie, sodat individuele gepreke verder gevoer kan word.. • saam met die resultate van die aanlegtoetsresultate geïntegreer en verantwoord gebruik te word in individuele aanbevelings (Malan, 1993:2). 	Standerds vyf en sewe

◆ **Oueraande**

Tydens die oueraande het al die belanghebbendes by die program, die geleentheid gekry om terugvoering te gee betreffende die verloop van die 'Voorligtingsverrykingprogram'. Die ouers het ook die geleentheid gekry om kennis te neem van hulle kinders se besondere potensiaal en opleidingsgeleenthede wat deur middel van beurse moontlik is.

◆ **Loopbaanskoue**

Die loopbaanskoue se doel was tweërlei van aard: Nie net loopbane en besondere beroepe aan die voornemende universiteitstudente was bekendgestel nie, maar ook die Universiteit van Pretoria en geleenthede beskikbaar by dié opleidingsinstansie was op dié wyse gepromoveer tydens die loopbaanskoue. Tydens dié skoue het die voornemende UP-kandidate ook die geleentheid gekry om onsekerhede rakende hul loopbaantoekoms uit die weg te ruim en vrae te rig aan die kundige persone wat betrokke was by die loopbaanskoue.

◆ **Studieoriëntering**

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het voorsiening gemaak vir individuele studieoriëntering sowel as groepstudieoriëntering. Die klem op die mees geskikte studiegewoontes vir elke individu was noodsaaklik, aangesien ontoereikende studiegewoontes kan predisponer tot onderprestasie asook die gevolglike verduistering van die jeugdige se toekomsplanne. Indien hierdie toekomsplanne tersiêre opleiding aan 'n universiteit ingesluit het, kon die gevolg van die verkeerde studiegewoontes en onderprestasie geïmpliseer het dat die betrokke jeugdige nie voldoen aan die kwalifiseringsvereistes wat

die Universiteit en Technikon voorhou nie. Sodoende kon verdere na-skoolse opleiding nie oorweeg of onderneem word nie. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het klem daarop geplaas om aan individue met studieprobleme hulp te verleen.

◆ **Loopbaanbeplanning en –ontwikkeling**

'n Primêre doelwit van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was die professionele en wetenskaplike persoons- en loopbaanverkenning van die voornemende UP-kandidate deur middel van die volledige assesseringsverkenningmedia (persoons- en loopbaanverkenningmedia) wat onder meer ingesluit het psigometriese assessering (gestandaardiseerde en ongestandaardiseerde psigometriese media), die opleiding in lewenskundighede en –vaardighede, studieoriëntering en entrepreneurskapsontwikkeling, ten einde dié betrokke kandidate se loopbane te beplan en te ontwikkel.

◆ **Entrepreneursontwikkeling**

Die HAT (Odendal *et al*, 1997:199) definieer 'entrepreneur' as "*Oprigter van 'n sakeonderneming; ondernemer wat iets organiseer en bestuur, 'n nuwe rigting inslaan*". Die mees dinamiese krag in enige beskawing is die kreatiewe mag in die individu. Entrepreneurskap kan as antwoord dien op die werkloosheidsprobleem wat tans presenteer by die lae- inkomste gesinne in die Bruingemeenskap te Eersterust (vergelyk paragraaf 2.9 vir tipiese samelewingstendense in Eersterust) deur die ontginning van die entrepreneurs. Werkloosheid kan moontlik deur werkskepping opgelos word en die beperkte werksgeleenthede wat daar tans in die land bestaan, sal toenemend al meer mense dwing na die informele kleinsake sektor.

Volgens Van der Lith (1995:24) kan entrepreneurskapsopleiding beskryf word as die onderrig van leerders in die basiese vaardighede waaraan 'n entrepreneur blootgestel word. Leerders behoort bekend gestel te word aan die basiese ekonomiese prosesse wat welvaartskepping, produktiwiteit en tegnologiese ontwikkeling onderlê. Van der Lith (1995:66) is verder van mening dat 'n entrepreneurskultuur deur middel van 'n bewusmakingproses geskep word. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het dit vooropgestel om die rol van die entrepreneur aan die Eersterust-jeugdige bekend te stel en te beklemtoon veral met betrekking tot die selfwerkskepping en die generering van werk vir andere wat kan meewerk tot die welvaart van almal in Suid-Afrika.

◆ **Aansoek om prestasietoekening en finansiële steun**

Hierdie is veral van toepassing op kandidate wat in matriek (graad twaalf) gekwalifiseer het met die nodige prestasies en beoog het om aan die Universiteit van Pretoria en ander tersiêre opleidingsinstansies te gaan studeer, maar nie oor die nodige finansiële vermoëns beskik het nie. Vir hierdie betrokke

kandidate was daar voorsiening gemaak deur die aanbieder (Malan van die 'Voorligtingsverrykingsprogram') om hulpverlening. Sy het die nodige reëlins getref met instansies verbonde aan die Universiteit (Voornemende Studente, Bemarkingsdienste, Universiteit van Pretoria) vir die nodige finansiële hulp en bystand tydens die kandidate se studiejare.

◆ **Projek Renaissance**

"An important component for creating and maintaining prosperity in South Africa is to make use of scientific knowledge and methods. We need to train people in Natural Sciences, Engineering, Medical Sciences and so forth to develop these facets of prosperity. What is more, the number of people who are able to successfully complete the necessary courses on the basis of their scholastic achievements, is too small to meet the requirements" ('Project Renaissance' soos gevind in die Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag van 1995) (Malan, 1995:13). Die gedagte agter hierdie projek was om onderontwikkelende talent in die natuurwetenskaplike veld te ontdek. Die Universiteit van Pretoria het 'n beperkte aantal jeugdiges tydens die verloop van die projek geïdentifiseer wat oor die nodige talent beskik het, maar nie oor die vereiste matriekprestasies nie. Diegene is dan deur deelname aan die genoemde 'Projek Renaissance' voorberei vir toelating tot die Fakulteit Natuurwetenskappe se kursusse. Die deelname aan die projek het geïmpliseer dat die deelnemers die volgende kursusse sou neem tydens die eerstestudiejaar in die Fakulteit Natuurwetenskappe:

- ❖ Wiskunde 100: Voorbereidende Wiskunde
- ❖ Fisika 100: Voorbereidende Fisika
- ❖ Chemie 100: Voorbereidende Chemie

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het ten aansien van dié genoemde projek die doel gehad om dié kandidate met die nodige aanleg en talent vir die kursusse in die Natuurwetenskaplike veld te identifiseer en die nodige reëlins te tref om toelating tot die 'Projek Renaissance'. Op dié wyse het jeugdiges geleentheid tot die studiekursusse verkry wat andersins, weens hul swak skolastiese prestasies nie moontlik sou wees nie.

4.4.1.4 Monitering

Die monitering van die vordering van die studente aan die Universiteit van Pretoria wat die 'Voorligtingsverrykingsprogram' deurloop het, asook die algehele sukses van die 'Voorligtingsverrykingsprogram', het plaasgevind deur die wetenskaplike monitering van die studente wat betrokke was by die onderhawige program. Die volgende aspekte is byvoorbeeld na 1993 na ondersoek ingestel: invloed van die gemiddelde matrieksimbool, invloed van die M-telling, invloed van die geslag, invloed van die bevolkingsgroep, invloed van die huistaal, invloed van diensplig verrig en die

invloed van koshuisinwoning. Al dié genoemde veranderlikes het in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op 'n eerstejaarstudent se akademiese vordering en –prestasië uitgeoefen (vergelyk paragraaf 5.3.5).

4.4.1.5 Evaluering

Die evaluering van die sukses van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het onder meer plaasgevind deur 'n wetenskaplike navorsingprojek. Soos bespreek tydens voorafgaande paragraaf, is in 1993 byvoorbeeld ondersoek ingestel deur die 'Afdeling: Institusionele Navorsing en Beplanning' van die Universiteit van Pretoria na die slytasie van die nuweling voorgraadse studente. Die uitkoms het aangedui dat die slytasie gemiddeld die laagste vir dié betrokke jaar by die Bruinjeugdige was (Malan, 1993:i) (vergelyk paragraaf 5.3.5).

4.4.1.6 Ontwikkeling van die model

Die model se verloop is tydens die implementering daarvan deurentyd in oënskou geneem en het herbeplanning na aanleiding van die resultate plaasgevind. Sodoende kon die model ontwikkel soos die behoefte op daardie tydstip geblyk het en is daar veranderings aangebring sodat die model die doel kon dien naamlik, die optimale voorbereiding van voornemende studente ten einde voorberei te wees vir die tersiëre opleiding en die veeleisende wêreld van werk. As voorbeeld kan genoem word dat die programaanbieder sedert 1994 nie meer die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB) ingeskakel het as deel van die assesseringsmedia nie, aangesien dit nie op 'n doeltreffende wyse die behoeftes van die jeugdige aangespreek het nie.

4.4.2 Die Verloop en Inhoude van die 'Voorligtingsverrykingsprogram'

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' kan kernagtig soos volg opgesom word: Psigometriese assessering, interpretering en verslagskrywing van loopbaan- en lewensoriënteringsverslae en persoonlike onderhoudvoering met die voornemende UP-kandidate. Individuele- sowel as groepsvoorligting is geïmplementeer tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram'. Vervolgens 'n opsommende bespreking van die verloop en inhoude van die onderhawige program soos gevind in die **'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag'** (Malan, 1995:5):

- ✓ Individuele onderhoude is met elke kandidaat gevoer (wat aan die gestelde vereistes voldoen het) (ongeveer 'n uur en 'n kwart per kandidaat) (vergelyk paragraaf 4.4.1.3 vir psigometriese assessering).

- ✓ Individuele persoonsvoorligting, loopbaanoriëntering, lewensoriëntering en berading (soos die nodigheid geblyk het) is met elke matrikulant (graad twaalfleerder) gedoen (vergelyk paragraaf 3.3.2.13 vir bespreking van lewensoriëntering).
- ✓ Die uitkoms van die bemoeienis is geëvalueer aan die hand van 'n vraelys wat elke matrikulant moes voltooi.
- ✓ 'n Onderzoek is gedoen na die lewenskundigheds- en vaardighedsbehoefte van die voornemende UP-kandidate.
- ✓ Studieoriëntering is individueel gedoen met die groep voornemende UP-kandidate.
- ✓ Studieoriëntering is tydens voorligtingsperiodes in groepsverband in oorleg met die voorligtingonderwysers met die matrikulante (graad twaalfleeders) gedoen.
- ✓ Al die resultate van al die jare (1989-1996) (profielblad en volledige verslag) is in boekvorm (verslag) gebind. Hierdie genoemde verslae vervat jaarverslae en volledige individuele verslae van elke voornemende UP-kandidaat.
- ✓ Samesprekings is gevoer met die Skoolsielkundige van die streek, waar die koördinerings van die voorligtingsaktiwiteite bespreek en beplan is.
- ✓ Reëlings is met die Universiteit van Pretoria se afdeling voornemende studente getref om finansiële steun te verkry vir dié matrikulante (graad twaalfleeders) met besondere potensiaal.
- ✓ Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het ook die noodsaaklikheid van entrepreneurskapsvaardighede uitgewys en is 'n 'Entrepreneursdag te Eersterust' geïnisieer by Hoërskool Prosperitas (vergelyk Bylaag C). Tydens hierdie betrokke dag in September 1995, het kundige persone wat hulself as entrepreneurs bewys het, hul vaardighede en kundighede met die leerders kom deel en is entrepreneurskap ook deur middel van 'n drama-opvoering uitgebeeld.
- ✓ Die onderhawige program het egter ook die nodige reëlings getref om die voornemende UP-kandidate wat probleme ervaar het in die natuurwetenskaplike vakke, soos wetenskap en wiskunde, die geleentheid te bied om deel te hê aan die 'Projek Renaissance' (vergelyk paragraaf 4.4.1.3).


Die onderhoudvoering wat plaasgevind het tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' kan voorgestel word soos in Figuur 4.1 uiteengesit.



Figuur 5.1 Die persoonsondersoekprofiel van die Eersterust-jeugdige

VOORSTELLING VAN ONDERHOUDVOERING TYDENS DIE VOORLIGTINGSVERRYKINGSPROGRAM

Fases van verloop van onderhoude



Figuur 4.1 Voorstelling van onderhoudvoering tydens die voorligtingsverrykingsprogram.

4.4.3 'n Skou op die 'Voorligtingsverrykingsprogram' vanaf 1989 tot 1996

Vervolgens sal die makrostruktuur van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se programverloop en –aktiwiteite uitgebrei word en gaan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' bespreek word in terme van die agt jaar wat die program verloop het (1989-1996).

In totaal het 750 standerd sewe leerders aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' deel gehad en ongeveer 210 standerd tien leerders. Al die standerd sewe leerders van albei sekondêre skole te Eersterust het elke jaar tydens die verloop van die genoemde program die "Easy steps" vraelys voltooi. Hierdie selfondersoekvraelys 'Gids vir die keuse van a). skooltipe en b). skoolvakke vir leerders in standerd vyf en sewe het ten doel om die leerders te oriënteer met betrekking tot selfkennis, loopbaankennis en –geleenthede en ook vak- en loopbaankeuse (vergelyk paragraaf 4.4.1). Die resultate van die vraelys was daarna statisties verwerk en geïnterpreteer. 'n Evalueeringsvraelys is na die genoemde vraelys deur die leerders voltooi om te bepaal of die doel van die vraelys bereik was. Die voorligtingsbehoefte van die standerd sewe leerders, sowel as die matrikulante van albei skole was verken deur 'n vraelys oor lewenskundighede en –vaardighede wat deur die leerders voltooi was (vergelyk Tabel 4.1).

Die matrikulante is telkens elke jaar met dieselfde psigometriese asseseringsprogram geasseseer, tensy anders vermeld word. Dié program onder bespreking het gekulmineer in die volgende aanbevelings, waaronder: vakkeuses, studierigtings, studieoriëntering, loopbaanstudie en opleiding in lewenskundighede en -vaardighede.

Vervolgens 'n bespreking van die 1989 Jaargroep se programverloop, as die eerste matrikulante groep wat deelgeneem het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram'. Tydens elke jaargroep se bespreking sal daar telkens aandag gekenk word aan die vergelyking van 'n vorige jaar se persoons- en loopbaanverkenningsmedia wat ingeskakel was teenoor die volgende jaar (waar die profiele beskikbaar is). Aandag sal egter ook geskenk word aan die aanbevelings van die 41 kandidate wat aan UP kom studeer het. Gevolglik gaan gepoog word om te bepaal of daar 'n vergelyking is tussen die aanbevelings wat tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' gemaak was en watter studierigtings hierdie kandidate wel na skool gaan studeer het.

Tabel 4.2: Programverloop: die 1989 jaargroep

Skool: Kandidate deelgeneem:	Eersterust Sekondêr Nommer Een 23 Matrikulante: 13 Seuns en 10 dogters
Belangstellingsbeeld: <i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i> <i>Die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB)</i>	Bespreking: Die dogters het voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op onderrig, opleiding, inligting, hulpverlening en dienslewering. Die seuns het voorkeur gegee aan ondersoekende beroepe wat gerig is op die simboliese, sistematiese en kreatiewe ondersoek van fisiese, biologiese en kulturele fenomene (Malan, 1989:1). Die dogters se sterkste voorkeure was die volgende, volgens die 'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag' (Malan, 1989:1-2): Tegnies (prakties-handvaardig) en sosiaal. Hulle sterkste afkeure is kantoorwerk, uitvoerende kunste en tale. Die seuns se sterkste voorkeure is wetenskap en besigheid. Hulle sterkste afkeure is uitvoerende kunste en tale.
Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld: <i>Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)</i>	Bespreking: Die seuns se persoonlike-, huislike- en sosiale verhoudingsprofiel toon gemiddelde aanpassings en formele verhoudings toon 'n bo-gemiddelde aanpassing. Die dogters se persoonlike-huislike, sosiale- en formele verhoudingsprofiel toon gemiddelde na bo-gemiddelde aanpassing (Malan, 1989:2).
Studiebeeld en studiegeoriënteerdheid: <i>Die Opname vir Studiegewoontes- en Houding (OSGH)</i>	Bespreking: Die dogters openbaar 'n sterk gemiddelde studie-georiënteerdheid. Die seuns toon sterk gemiddelde studiegewoontes en 'n hoë (gunstige) studie-georiënteerdheid (Malan, 1989:2).
Aanlegbeeld: <i>Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)</i>	Bespreking: Die seuns toon 'n hoër algemene verstandelike vermoë as die dogters (verskil van tien). Die seuns se nie-verbale en verbale aanleg is sterker as dié van die dogters. Die seuns en dogters is beide sterker verbaal as nie-verbaal aangelê. Die seuns se verbale redeneringsvermoë is gemiddeld die hoogste en die dogters se taalaanleg is gemiddeld die hoogste (Malan, 1989:3).
Lewenskundigheds- en vaardighedsbeeld: <i>Vraelys vir Lewenskundighede en Lewensvaardighede</i>	Bespreking: Hierdie vraelys was nog nie gedurende 1989 ingeskakel tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' nie.

Kommentaar en aanbevelings:

Die universiteitsinligting van die voornemende UP-kandidate is in 1999 beskikbaar gestel deur die Departement: 'Institusionele Navorsing' (UP). Die volgende UP-studente was in 1989 graad twaalfleeders wat deelgeneem het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' (Die Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag van 1989 ter insae vir die skoolinligting): **Shana S Edwards** was tot op hede volgens die 'Departement Institusionele Navorsing' van UP (1999) nog ingeskryf vir die rigting BA. (Hons.) Inligtingskunde. Gedurende 1989 was die rigtings Telekommunikasie-tegnologie,

Vertaler en Dataverwerker vir haar aanbeveel. Shana het dus ag gegee op die 1989 aanbevelings. **Hume R Dewrance** het in 1990 ingeskryf vir B.COM. Regte, maar het in 1995 oorgeskakel na Handel Spesiaal Voorgraads en in 1997 oorgeskakel na BLC. wat opgeskort is. Gedurende 1989 (sy graad twaalf jaar) was die volgende B.COM. rigtings vir hom aanbeveel: Regte, Bemarking en Personeelbestuur. In dié betrokke aanbevelingsverslag beveel die programaanbieder ook aan dat sy vakprestasie in Engels moet verbeter, dat hy hulp sal moet verkry in die bemeesting van 'n werkmethode-tegniek en dat sy selfkennis en loopbaankennis ontoereikend is. Dewrance het dié loopbaanrigtings aanbevelings gevolg, maar was moontlik nie suksesvol met die studies nie omrede hy moontlik nie sy werkmethode-tegniek en sy selfkennis en loopbaankennis verbeter het nie. **Daneil Leyds** was in 1990 'n ingeskrewe Hoër Onderwysdiploma (HOD: Algemeen) student wat dieselfde jaar haar studies gestaak het. HOD met Handel was wel vir haar aanbeveel en ook sekretarieël (Privaatsekretaresse). Die moontlike rede(s) hoekom sy haar studies nie voltooi het nie is moontlik terug te neem na die aanbevelings wat deur die programaanbieder gemaak was en waarop daar moontlik nie genoegsame aandag geskenk was nie. Daneil se self- en loopbaankennis was ontoereikend en haar studieoriëntering moes verbeter ten aansien van 'n positiewer houding teenoor onderrig/opleiding en die verwerwing van 'n meer effektiewe werkmethode, ter voorkoming van mislukking van tersiêre onderrig. **Rowen O Mason** het vanaf 1990 tot 1991 B.Ing. (Elektriese Ingenieurswese) gestudeer, maar sy inskrywing was egter opgeskort in 1991. Die programaanbieder het die volgende rigtings vir hom aanbeveel tydens sy graad twaalf jaar: Plofstoftegnologie, Verftegnologie en Ingenieurswese by die Technikon. Ander aanbevelings wat gemaak was, was dat Rowen studieoriëntering moes ontvang het en dat hy nog nie loopbaankeuse gereed was nie, omrede sy loopbaan- en selfkennis ontoereikend was op daardie stadium. Hierdie laasgenoemde rede en die na-skoolse opleidingspoging aan 'n universiteit eerder as 'n technikon, kon moontlik die redes wees vir die onsuksesvolle poging tot studies aan die UP. **Rene Z Mettler** en **Brucilia C Sampson** het slegs gedurende 1990 geregistreer aan die UP maar nooit kom studeer nie. **Viola C Milton** was in 1990 ingeskryf vir BA (ED) en het in 1992 voldoen aan die studierigtingsvereistes. Gedurende 1993 behaal sy die graad BA (Hons) in Afrikaans (met lof) en in 1996 die graad MA in Afrikaans (met lof). Die volgende rigtings was aanbeveel vir Viola: Kultuurbeampte, Diploma in Verpleging, Bibliotekaresse, Inligtingsbeampte en daar was ook aanbeveel dat intensiewe studieoriëntering moes plaasvind. Viola het soos dit blyk uit bogenoemde gegewens 'n ander rigting gaan studeer as wat vir haar aanbeveel was. Aangesien Afrikaans in graad twaalf haar beste vak was, was die belangstelling en aanleg daarin en is hierdie 'n bewys dat aanbevelings gemaak kan word, maar dat die finale besluit altyd die kliënt s'n behoort te wees. **Fabian O Roberts** was in 1990 ingeskryf vir BSc: Natuurwetenskappe, maar het dieselfde jaar gestaak en dus nie sy studies voltooi nie. Die volgende rigtings was vir hom aanbeveel: Vir die Technikon was die aanbevelings, Bedryfsingenieur en Metallurgie en aan 'n universiteit was B.Com (Regte), B.Com (Ondernemingsbestuur), Stelselontleder en B.Admin (Openbare Bestuur). Fabian het 'n ander rigtings gaan studeer as wat vir hom aanbeveel was. Volgens die aanbevelings moes sy loopbaankennis verbeter het, alvorens hy 'n poging sou aanwend om te gaan studeer het en die nie-ag gee van hierdie faktor kon moontlik bydraend gewees het tot die onsuksesvolle studieopoging.

Tabel 4.3: Programverloop: die 1990 jaargroep

Skole: Kandidate deelgeneem:	Eersterust Sekondêr Nommer Een en Eersterust Sekondêr Nommer Twee (Prosperitas) 36 Matrikulante: 15 Seuns en 21 Dogters
Belangstellingsbeeld: <i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i>	Bespreking: Die dogters het voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op die onderrig, opleiding, inlig, hulpverlening en dienslewering aan mense. Die seuns het voorkeur gegee aan ondersoekende beroepe wat gerig is op die simboliese, sistematiese en kreatiewe ondersoek van fisiese, biologiese en kulturele fenomene (Malan, 1990:2). Die dogters se SOV profiele van 1989 het oor die algemeen sterker vertoon teenoor 1990. Die Ondersoekende faktor van 1990 vertoon effens sterker. Die seuns se 1989 SOV profiel het ook oor die algemeen of effens sterker of dieselfde as 1990 vertoon. Die uitsondering was die sosiale faktor wat in 1990 effens sterker vertoon het (Malan, 1989/1990).
<i>Die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB)</i>	Die dogters se sterkste voorkeure was tegniese en besigheid en hul sterkste afkeure was uitvoerende kuns, taal en beeldende kuns. Die seuns se sterkste voorkeure was tegniese en kantoorwerk en hul sterkste afkeure was beeldende kuns en taal (Malan, 1990:3). Die dogters se 1990 (HSB) profiel het sterker vertoon as 1989. Die enigste uitsondering was Sosiaal wat effens sterker vertoon het in 1989. Die seuns se (HSB) profiel het in 1990 oor die algemeen ook sterker vertoon. Met die uitsonderings van Tegniese en Besigheid (Malan, 1989/1990:42).
Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld: <i>Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)</i>	Bespreking: Die dogters se persoonlike-, huislike-, sosiale- en formele verhoudings toon 'n oorwegende gemiddelde tot lae gemiddelde aanpassing. Die leuenskaal toon 'n bo-gemiddelde aanpassing. Die seuns se persoonlike-, huislike-, sosiale- en formele verhoudings toon oor die algemeen 'n gemiddelde aanpassing. Senuweeagtigheid en morele inslag toon bo-gemiddelde aanpassings (Malan, 1990:3). Die dogters se 1989 (PHSF) profiel het oor die algemeen sterker vertoon as die 1989 groep. Die seuns se 1989 profiel was ook sterker as 1990, met die uitsondering van sosialiteit groep en sosialiteit individueel (Malan, 1989/1990:43).
Studiebeeld: <i>Die Opname vir studiegewoontes- en houding (OSGH)</i>	Bespreking: Die dogters openbaar gemiddelde profiel studiegewoontes en -houdings. Die seuns openbaar gemiddelde tot hoë studiegewoontes en -houdings profiel en veral hoë onderwysergoedkeuring (Malan, 1990:3). Die dogters sowel as die seuns van 1989 se (OSGH) profiele het sterker vertoon as die 1990 groep (Malan, 1989/1990:44).
Aanlegbeeld: <i>Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)</i>	Bespreking: Die seuns toon 'n hoër algemene verstandelike vermoë as die dogters. Die seuns se verbale en nie-verbale aanleg is sterker as dié van die dogters. Die seuns en dogters se verbale aanleg is sterker as die nie-verbale aanleg. Die seuns se woordanalogieë en verbale redenering is gemiddeld die hoogste aanleg en ook die dogters se woordanalogieë (Malan, 1990:4).

**Lewenskundigheids- en vaardigheidsbeeld:
 Vraelys vir Lewenskundighede- en vaardighede**

Bespreking: Die voorligtingsbehoefte van die standerd sewe leerders was verken deur hierdie vraelys (173 leerders van 'Eersterust Sekondêr Nommer Een' en 187 leerders van 'Eersterust Sekondêr Nommer Twee'). Volgens die 'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag' (Malan, 1990:6) was die standerd sewe groep gekies met die oog op die voorligtingsprogram in die senior sekondêre fase. Die twee grootste behoeftes gaan telkens voortaan by elke jaargroep bespreek word en ook die behoefte waarvoor die minste behoefte aan voorligting was. Die grootste voorligtingbehoefte by beide skole was aan Loopbaanbeplanning en -ontwikkeling (onderskeidelik 13.21 en 13.32). Die tweede grootste behoefte was aan Selfbestuur (10.27 en 10.4) en Gemeenskap- en Sosiale Ontwikkeling (10.46 en 10.24) wat ongeveer dieselfde intensiteit getoon het. Die kleinste behoefte was aan Fisiese- en seksuele ontwikkeling (8.58 en 8.4) (Malan, 1990:8).

Kommentaar en aanbevelings:

Die volgende UP-studente was in 1990 graad twaalfleerders wat deelgeneem het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' (Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag, 1990 vir die skoolinligting): **Anestacia V Brown** het in 1991 ingeskryf vir die kursus MBCHB, maar het omrede sy nie tot die volgende studiejaar bevorder was nie, oorgeskakel na BSc: Natuurwetenskappe. In 1993 het sy ingeskryf vir die kursus BArb en gradueer suksesvol in laasgenoemde rigting in 1996. Die studierigting BCur, 'n Diploma in Verpleegkunde, Stads- en Steeksbeplanning en BA Onderwys met Wiskunde en Engels as hoofvakke was vir haar aanbeveel. Verdere aanbevelings van die programaanbieder van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was studieoriëntering, ten einde Anestacia se werkmodes en studietegnieke te verbeter en haar self- en loopbaankennis moes ook verbeter het. Anestacia se suksesvolle studiejare kan moontlik deels toegeskryf word aan die hulpverlening van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' om haar vir die veeleisende universitêre studies voor te berei het. **Joaquim J De Gama** het in 1993 ingeskryf vir die kursus BProc en gradueer in 1994 (met lof) in hierdie rigting. Hy het in 1995 ingeskryf vir LLB en gradueer in 1996 in dié rigting. Joaquim het gedurende 1997 die rigting LLM: Fundamentele Regte en Grondwetpraktyk begin, maar verander van studierigting in 1998 na Handel: Spesiaal voorgraads met eksamenweiering in albei vakke. Gedurende 1991 is hy ingeskryf vir die rigting LLD: Handels- en Arbeidreg. Die volgende rigting was aanbeveel vir Joaquim: BAdmin Internasionale verhoudings, BAdmin Openbare bestuur, B Polisiekunde, BA Kommunikasiekunde en BA Tale. Alhoewel Regte nie per sy aan hom aanbeveel was nie, het hy sukses behaal in sy studies. **Meredith C Leyds** het in 1991 die rigting BProc begin studeer en voldoen in 1995 aan die studierigtingvereistes en gradueer. Hy het verder in 1998 ingeskryf vir die LLB maar was onsuksesvol met 'n rekord van afwesigheid van eksamen/toetse vir alle vakke. Die volgende studierigting was tydens die program onder bespreking vir hom aanbeveel: Die Regsrigting wat onderhewig was aan sy matriekeindeksamenprestasie, BA met Geskiedenis, Kriminologie en Volkekunde en B Polisiekunde. Meredith moes ook leer hoe om spanning te hanteer en moes sy self- en

loopbaankennis verbeter het. Meredith het sy voorgraadse Regsgraad met welslae afgelê en dit blyk asof hy wel die nodige aandag aan die aanbevelings geskenk het. **Millicent N Macpherson** was in 1991 en 1992 ingeskryf vir die rigting BA. In 1993 het sy oorgeskakel na BA: Politieke Wetenskappe en voldoen aan studierigtingvereistes en gradueer in 1994. In 1995 het sy ingeskryf vir die BA (Hons) in Staatsleer, voldoen aan die studierigtingvereistes en gradueer. Millicent het in 1997 ingeskryf vir die rigting BA (Hons) in Staatsleer en Internasionale Politiek, maar staak die rigting dieselfde tydperk. Die volgende Nasionale Diplomas was vir Millicent aanbeveel tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram': Tandheelkundige Tegnologie, Kliniese Tegnologie, Diagnostiese Radiografie en Openbare Gesondheid. Die rigting EEG Tegnikus was ook vir haar aanbeveel. Alhoewel die rigting BA met betrekking op Staatsleer en Internasionale Politiek nie vir haar aanbeveel was nie, het Millicent tog sukses in haar studies behaal wat weer eens die feit benadruk dat die laaste besluit nog die kliënt s'n is en dat die programaanbieder maar net voorstelle en aanbevelings kon bied. **Julian J Moore** het in 1991 ingeskryf vir die rigting BCom: Rekeningwetenskappe maar het sy studies nog dieselfde jaar gestaak. Die volgende BCom rigtings was vir hom aanbeveel: Algemeen, Bankwese, Versekeringswese, Rekeningwetenskappe en Personeelbestuur. Alhoewel Julian wel een van die rigtings gaan studeer het wat vir hom aanbeveel was, kon die ag gee op die volgende aanbevelings veroorsaak het dat hy meer suksesvol kon wees met die studies. Hy moes sy studieoriëntering verbeter het; sy self- en loopbaankennis moes verbeter het; hy moes intensiewe loopbaanstudie gaan doen het aan die hand van die werksontledingsvraelys en die beroepstudiememorandum en hy moes meer geloof en vertroue (selfgting) verwerf het in homself. **Jonathan D Patrick** het in 1991 ingeskryf vir die rigting BSc: Natuurwetenskappe. Hy het egter in 1992 oorgeskakel na die rigting BCom: Statistiek en voldoen in 1996 aan die studierigtingvereistes en gradueer in dié studierigting. In 1997 het Jonathan ingeskryf vir die rigting Handel: Spesiaal (Voorgraads) maar het in 1998 oorgeskakel na die rigting BCom (Hons): Statistiek, wat egter onsuksesvol was weens sy afwesighede van eksamen/toetse. Hy is in 1999 nog steeds ingeskryf vir dié rigting. Tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was die Hoër Onderwysdiploma: Algemeen en 'n BA met die vakke Biologie, Informatika, Kunsgeskiedenis, Inligtingkunde en Internasionale Politiek op universiteitvlak aanbeveel. Die volgende Nasionale Diploma's was by die teknikon aanbeveel: Aptekerwese of Personeelbestuur of Stads- & Streeksbeplanning. Verdere aanbevelings was vir verbeterde streshantering, self- en loopbaankennis en dat sy algehele benadering tot studies tot positief sal moet verander. Alhoewel Jonathan nie dié spesifieke rigtings gestudeer het wat vir hom aanbeveel was nie, blyk dit tog of die aanbevelings aan hom, hom moontlik op 'n soortgelyke rigting kon laat besluit het waarin hy suksesvol was.

Tabel 4.4: Programverloop: die 1991 jaargroep

Skole: Kandidate wat deelgeneem het:	Eersterust Sekondêr Nommer Een en Eersterust Sekondêr Nommer Twee (Prosperitas) 46 Matrikulante : 19 Seuns en 27 Dogters
Belangstellingsbeeld: <i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i> <i>Die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB)</i>	Bespreking: Die dogters het voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op onderrig, opleiding, inlig, hulpverlening en dienslewering. Die seuns het voorkeur gegee aan ondernemende beroepe wat gerig is op die manipulering van mense, om die leiding te gee en ondernemend in die besigheidswêreld of openbare lewe op te tree, ten einde sekere doelwitte te bereik. Die seuns het egter ook voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op opleiding, inlig, dienslewering, hulpverlening en onderrig (Malan, 1991:3). Die dogters se (SOV) profiel van 1990 het sterker vertoon as 1991, behalwe vir die faktore aanvaarding van die onderwys en studiehouding. Die seuns se profiel van 1991 het oor die algemeen sterker vertoon as 1990, met die uitsonderings van Ondersoekend en sosiaal van 1990 wat sterker vertoon het (Malan, 1991:Bylaag B). Die dogters se sterkste voorkeure was tegniese en besigheid. Hulle sterkste afkeure was uitvoerende kunste, gevolg deur sosiaal en taal. Die seuns se sterkste voorkeure was kantoorwerk en besigheid. Hulle sterkste afkeure was wetenskap en sosiaal (Malan, 1991:2). Die dogters se 1990 profiel van die (HSB) het sterker vertoon as 1991. Die seuns se profiel van 1991 het oor die algemeen sterker vertoon, met faktore Taal, Sosiaal en Wetenskap wat sterker was as in 1990. (Malan, 1991:Bylaag D).
Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld: <i>Die Persoonlike -, Huislike-, Sosiale- en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)</i>	Bespreking: Die dogters se persoonlike-, huislike-, sosiale- en formele verhoudings het oor die algemeen gemiddelde tot lae gemiddelde aanpassings getoon. Sosialiteit individueel, sosialiteit groep en die leunskaal het bo-gemiddelde aanpassings getoon. Selfvertroue, gesondheid, gesinsinvloed, morele inslag en formele verhoudings het ook laer gemiddelde aanpassings getoon. Die seuns se persoonlike-, huislike-, sosiale- en formele verhoudings het oor die algemeen gemiddelde aanpassings getoon. Sosialiteit Groep, sosialiteit individueel, eiewaarde en die leunskaal het bo-gemiddelde aanpassings getoon. Morele inslag het 'n ondergemiddelde aanpassing getoon (Malan, 1991:2). Die 1990 profiel het hier sterker vertoon as 1991, met uitsonderings van Sosialiteit groep en - individueel en die leunskaal. Die seuns van 1990 en 1991 se (PHSF) profiele het ewe sterk getoon oor die algemeen, maar die 1990 groep het die meeste faktore sterk getoon (Malan, 1991:Bylaag A).
Studiebeeld: <i>Die Opname van studiegewoontes en houding-vraelys (OSGH)</i>	Bespreking: Die dogters het oor die algemeen gemiddelde profiel studie gewoontes geopenbaar. Hul werksmetode, studiegewoontes en studiegeoriënteerdheid het ondergemiddelde profiel studiegewoontes geopenbaar. Die seuns het gemiddelde aanvaarding van die studiegewoontes en houding ten aansien van die onderwys getoon. Vermyding van uitstel het egter 'n ondergemiddelde telling getoon en aanvaarding van die onderwys 'n bogemiddelde telling (Malan, 1991:2). Die dogters van 1990 het sterker getoon op hierdie

	<p>profiel as 1991, met slegs vermyding van uitstel wat sterker was in 1991. Die seuns van 1990 se profiel vertoon sterker as die 1991 groep (Malan, 1991: Bylaag B).</p>
<p>Aanlegbeeld: <i>Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)</i></p>	<p>Bespreking: Die seuns het 'n hoër algemene verstandelike vermoë as die dogters geopenbaar. Die seuns se nie-verbale en verbale aanleg was sterker as dié van die dogters. Die seuns en dogters was beide sterker verbaal as nie-verbaal aangelê. Hulle woord-analogieë was ook gemiddeld die hoogste (Malan, 1991:4).</p>
<p>Lewenskundigheds- en vaardighedsbeeld: <i>Vraelys vir Lewenskundighede en -vaardighede</i></p>	<p>Bespreking: 'n Opvolgstudie was in 1991 gedoen met hierdie selfde vraelys en met die twee standerd agt groepe van albei skole wat die vorige jaar in standerd sewe was. Die doel hiervan was primêr om te verken of die onderwysers aan die leerders voorligting gebied het in die lig van die 1990 resultate en of die leerders wel toegerus was met die nodige lewenskundighede en -vaardighede (Malan, 1991:12). Die voorligtings-behoefte van die standerd agt leerders van die eerste sekondêre skool (Eersterust Sekondêr Nommer Een) was effens laer as die vorige jaar. Weer eens was daar die grootste behoefte aan Loopbaanbeplanning en -ontwikkeling (12.52) en die tweede grootste behoefte was aan Gemeenskap- en Sosiale Ontwikkeling (9.52) en die kleinste behoefte was aan Persoon- en Selfontwikkeling (7.82) (Malan, 1991:14). Die tweede sekondêre skool (Prosperitas soos tans bekend) se behoeftes was oor die algemeen groter as in 1990. Die grootste behoefte was weer eens aan Loopbaanbeplanning en -ontwikkeling (14.72) en die tweede grootste behoefte was aan Selfbestuur (10.92). Die kleinste behoefte was aan Fisiese- en Seksuele ontwikkeling (9.6) (Malan, 1991:22).</p>

Kommentaar en aanbevelings:

Die volgende graad twaalfleerders van 1991 het deelgeneem aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' (Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag, 1991 vir die nodige skoolinligting) en was later UP-studente: **Elridge C Le Roux** het in 1998 ingeskryf vir die rigting LLB (4-Jaar Leergang) en het geen vak geslaag dié jaar nie en het gedurende 1999 dié rigting gestaak. Die aanbevelings vir Elridge deur die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was die volgende: Hoër Onderwysdiploma: Algemeen, 'n Nasionale Diploma (Technikonopleiding) in een van die volgende rigtings; Parke- en Rekreasiebestuur, Geologie, Tuinbou, Personeelbestuur en Voorraadbestuur. 'n Moontlike rede vir Elridge se onsuksesvolle universiteitsopleiding kon wees dat hy meer aandag moes skenk aan die aanbevelings wat dit duidelik gemaak het dat in die lig van sy aanlegbeeld en skolastiese prestasies, Elridge onwaarskynlik 'n sukses van universitêre opleiding sou kon maak. **Francoise R Human** het vanaf 1993 tot 1997 die rigting BIUR gestudeer, maar sy inskrywing was in 1997 opgeskort. Vir Francoise was die volgende rigtings aanbeveel: 'n Nasionale Diploma in Koste- en Bestuursrekeningkunde en die Hoër Onderwysdiploma: Algemeen. Hy het moontlik nie genoegsaam aandag aan die volgende aanbevelings geskenk nie, wat die onsuksesvolle studies tot gevolg gehad het: Francoise moes sy werksmetode

verbeter het, asook sy self- en loopbaankennis en moes daarna streef om harder te werk en om streshantering meer effektief toe te pas. **Robert H Horsley** was in 1993 tot 1994 'n ingeskrewe BAdmin: Openbare Bestuur student, maar het sy studies nie in 1995 hervat nie. Die volgende BCom rigtings was aanbeveel: Bankwese, Ekonomie, Ondernemingsbestuur, Versekeringswese en Regte. Robert het verskeie aanbevelings ontvang in sy graad twaalfjaar waarna hy moes oplet en wat mislukking van sy studies kon verminder het. Die aanbevelings was naamlik, intensiewe loopbaanstudie aan die hand van die beroepstudiememorandum en werksontledingsvraelys; asook studieoriëntering om nie die studieproses uit te stel nie en ook harder te studeer en persoonsverkenning, ten einde die verwerwing van 'n positiewe selkonsep. **Sebastian F Matroos** het vanaf 1992 tot 1996 die rigting Hoër Onderwysdiploma: Algemeen gestudeer en in 1997 oorgeskakel na BA. Hy voldoen in 1997 aan die studierigtingvereistes en gradueer dieselfde jaar. Die rigtings wat aanbeveel was, was dié volgende BAdmin rigtings: Internasionale verhoudings en Openbare Bestuur en dié volgende BA rigtings: Onderwys (BA en Ed) met Inligtingkunde en Internasionale Politiek en Politieke Wetenskappe. Sebastian het dus aandag geskenk aan die aanbevelings. **Genevieve C Du Pont** het in 1992 tot 1993 die rigting BLC gestudeer. In 1994 en 1995 het sy BProc gestudeer en voldoen aan die studierigtingvereistes en gradueer in Maart 1997. In 1996 tot 1997 studeer sy LLB en staak dié kursus in 1997. Dié volgende studierigtings was aanbeveel vir Genevieve tydens haar graad twaalfjaar: BA (Ed): Skoolvoortligting, BA: Inligtingkunde, Sielkunde en BAdmin: Openbare Bestuur. 'n Studierigting in die Regte was dus nie vir Genevieve aanbeveel nie en tog het sy sukses daarin behaal. **Natasja Jonkers** het in 1996 ingeskryf vir die rigting BAdmin: Openbare Bestuur en tot en met 1997 dié rigting gestudeer, maar het in 1998 nie haar studies voltooi nie. Die volgende rigtings was vir Natasja aanbeveel: BA: Geografie, Inligtingkunde, BCom: Bankwese en Stads- & Streeksbeplanning. Natasja het dus nie gestudeer wat vir haar aanbeveel was nie en moes volgens die aanbevelings ook haar loopbaankennis verbeter het, asook haar houding teenoor studies oor die algemeen en moes ook daarna streef om haar selfagting te verbeter. Sy kon moontlik meer aandag aan die aanbevelings geskenk het. **Natasha V Winkler** het in 1995 ingeskryf vir die rigting BCom (Hons): Menslike Hulpbronbestuur en voldoen aan die studierigtingvereistes en gradueer in Maart 1996. Sy is vanaf 1997 tot op hede ingeskryf vir die rigting MCom: Menslike Hulpbronbestuur. Die rigtings BCom: Personeelbestuur, BA: Inligtingkunde, Sielkunde en BAdmin: Openbare Bestuur was vir haar aanbeveel. Natasha het derhalwe 'n sukses van haar studies gemaak en haar vermoëns geaktualiseer soos wat die aanbevelings vir haar deur die programaanbieder voorspel het. **Fazel Williams** was in 1993 'n ingeskrewe BCom student en moes aansoek om hertoelating doen, wat hy nie gedoen het nie. Slegs technikonopleidingskursusse was vir Fazel aanbeveel, naamlik 'n Nasionale Diploma in een van die volgende rigtings: Bedryfsingenieurwese, Elektriese Ingenieurwese en Meganiese Ingenieurwese. Volgens sy aanbevelings moes hy ook daarna streef om beter punte te behaal, aangesien hy onderpresteer het. Fazel moes hom verder vergewis van die keurings- en toelatingsvereistes vir tersiêre opleiding. In die lig van die aanbevelings kon Fazel dus moontlik meer sukses met sy studies behaal het as hy byvoorbeeld eerder aan die technikon gaan studeer het. **Roxane A Fortuin** was sedert 1993 tot 1995 ingeskryf vir die rigting BLC. Vanaf 1996 tot 1997 het sy die rigting BProc gestudeer en in 1998 gelyktydig die rigtings LLB (4-Jaar Leergang) en BProc.

Gedurende 1999 is sy vir die rigting BProc ingeskryf. Vir Roxane was die rigtings BA: Biblioteek- en Inligtingkunde (universiteitsopleiding) en Nasionale Diploma in Skakelwese of 'n Nasionale Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde (tegnikonopeiding) aanbeveel. Roxane het dus in die lig van dié aanbevelings nie genoegsaam aandag geskenk aan die aanbevelings nie. Sy moes volgens dié genoemde aanbevelings ook haar self- en loopbaankennis verbeter het, asook haar studietegnieke en werkgewoontes. **Candice I Naidoo** het in 1994 tot 1996 die rigting BA gestudeer en voldoen aan die studierigtingvereistes en gradueer in Maart 1997. Volgens die studierigting aanbevelings was die volgende rigtings aanbeveel vir Candice: Hoër Onderwysdiploma: Algemeen en 'n Nasionale Diploma in een van die volgende rigtings: Skakelwese, Personeelbestuur of Organisasie en Werkstudie. Haar loopbaankennis moes verbeter het volgens die aanbevelings en ook haar studieoriëntering. Candice het volgens haar universiteitsvorderingsverslag dus na wense presteer en 'n BA graad behaal. **Peggy Thompson** het vanaf 1993 tot 1997 MBCHB gestudeer totdat haar inskrywing in 1997 opgeskort was. Slegs teknikonkursusse was vir Peggy aanbeveel, naamlik: 'n Nasionale Diploma in een van die volgende rigtings: Kliniese Tegnologie, Kerntegnologie, Metallurgiese Ingenieurwese en Voedseltegnologie. Volgens die aanbevelings was sy ook 'n onderpresteerder en was aangewese op studieoriëntering. Volgens die genoemde aanbevelings was universiteitsopleiding en veral 'n mediese opleiding dus nooit aanbeveel nie en is die moontlikheid daar dat Peggy miskien gunstiger kon gepresteer het aan die technikon. **Vierentia C Petersen** het in 1992 BA gestudeer en in 1993 verander sy van studierigting na BLC. Laasgenoemde rigting het sy gestudeer tot 1995 en het sy dieselfde jaar aan studierigtingvereistes voldoen en gegradueer in Maart 1995. Die rigtings BA: Inligtingkunde, Geografie en BA: Biblioteek- en Inligtingkunde was vir haar aanbeveel en was daar ook gekonstateer dat haar hoogste aanleg in die geestewetenskaplike veld was. Die studie in die Regte was dus nie vir haar aanbeveel nie, maar tog was sy suksesvol in haar studies. Die studie sukses kan moontlik daarop dui dat sy wel selfbestuursvaardighede soos tydsbenutting bemeester het, asook 'n positiewe houding jeens haar studies (aanbevelings wat gemaak was waaraan sy moes aandag skenk). **Gregory Mapisa** het vanaf 1992 tot 1993 die rigting MBCHB gestudeer. In 1994 het hy verander na die rigting BSc: Mensfisiologie en het dié rigting tot 1995 gestudeer. Hy moes dié betrokke jaar aansoek doen om hertoelating, wat hy egter nie gedoen het nie. Die rigtings Ingenieurwese: Metallurgiese of Mynbou, was vir Gregory aanbeveel. Hy het egter Medies gestudeer, maar sy poging was onsuksesvol. Gregory kon indien hy moontlik meer effektiewe tydsbenutting en 'n effektiewer studieoriëntering en intensiewe loopbaanstudie gedoen het, beter resultate gelewer het. Opsommend kan dus gesê word dat hy nie werklik die aanbevelings nagevolg het nie. **Wergele S Mckenzie** het vanaf 1992 tot 1997 die rigting BLC gestudeer en aan die graad vereistes voldoen en gradueer in Maart 1997. In 1998 het hy ingeskryf vir die rigting LLB (4-Jaar Leergang) en is tydens 1999 ingeskryf vir laasgenoemde rigting. Wergele het die aanbevelings aan hom nagevolg, aangesien BProc: Regte en BA: Kriminologie en Inligtingkunde aanbeveel was.

Aanlegbeeld: <i>Die Algemene Skolastiese aanlegtoets (ASAT)</i>	Bespreking: Die seuns het met 'n sterker algemene verstandelike vermoë as die dogters gepresenteer. Die seuns se verbale en nie-verbale aanleg was sterker as dié van die dogters. Die seuns en dogters was beide sterker verbaal as nie-verbaal aangelê. Beide die seuns en dogters se verbale redeneringsvermoë was gemiddeld die hoogste (Malan, 1992:4).
Lewenskundigheids- en vaardigheidsbeeld: <i>Vraelys vir Lewenskundighede en –vaardighede</i>	Bespreking: Gedurende 1992 was hierdie vraelys net ingeskakel by Prosperitas Hoërskool. Die behoeftes was in hierdie jaar oor die algemeen kleiner as die vorige jaar. Die grootste behoefte van die voornemende UP-kandidate was aan Loopbaanbeplanning en –ontwikkeling (12.85) en dus laer as in 1991. Die tweede grootste behoefte was aan Gemeenskaps- en Sosiale ontwikkeling (10.05) en die kleinste behoefte was aan Persoon- en Selfontwikkeling (6.65) (Malan, 1992:9).

Kommentaar en aanbevelings:

Die volgende ses UP-studente was in 1992 graad twaalfleeders wat ook deelgeneem het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' (Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag, 1992 vir die nodige skoolinligting): **Rozanne E C Patrick** het vanaf 1993 tot 1997 die rigting Hoër Onderwysdiploma: Algemeen onsuksesvol gestudeer. Sy moes aansoek om hertoelating doen wat sy in 1998 nie gedoen het nie. Rozanne het ag gegee op die studierigting aanbevelings wat vir haar gemaak was deur die programaanbieder, aangesien die Hoër Onderwysdiploma vir haar aanbeveel was. Die volgende teknikondiplomas was aanbeveel: Nasionale Diploma in Bemaking/Verkoopbestuurder of Produksiebestuurder of Voedseldiensbestuur. Sy was moontlik nie suksesvol in haar studies nie omrede sy nie daarin geslaag het om die aanbevelings ten aansien van haar gesindheid teenoor haar studies positief te verander nie. Rozanne moes ook moontlik meer toereikend aandag skenk aan die volgende lewensvaardigheidsbehoefte, naamlik geestesgesondheid, hantering van stres, loopbaanbeplanning en alkohol- en dwelmverslawing. **Charmaine G Slaters** het vanaf 1993 tot 1995 die rigting BLC gestudeer en in 1996 oorgeskakel na BIUR, maar in 1997 was haar inskrywing opgeskort. Volgens die aanbevelings wat vir Charmaine tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' gemaak is, was Regte nie sterk aanbeveel nie, maar net as 'n moontlikheid. Die rigtings BA met Inligtingkunde en Kunsgeskiedenis en BA: Politieke wetenskappe en BAdmin: Internasionale Politiek was sterker aanbeveel. Charmaine het gevolglik nie werklik aandag geskenk aan die aanbevelings nie en kon ook volgens die aanbevelings meer studieoriëntering gedoen het alvorens sy haar na-skoolse studies aangepak het. **Martin E Mahope** het in 1993 ingeskryf vir BIng: Meganiese Ingenieurswese, maar was nie tot die volgende studiejaar bevorder nie en het sy studies opgeskort. Die rigting Ingenieurwese was wel die eerste aanbevelingskeuse vir Martin en daar is ook aanbeveel dat hy al sy skoolprestasies drasties moes verbeter en dat hy van die universitêre studies 'n sukses kon maak indien hy hard sou werk en sy houding teenoor sy studies positief sou kon verander. Die onsuksesvolle studieopgong kan moontlik aan die laasgenoemde aanbevelings toegeskryf word, waaraan moontlik te min aandag geskenk was. **Justus**

R Ferris was in 1995 geregistreer vir die rigting BCom: Ekonomie en moes aansoek doen om hertoelating, wat hy nie gedoen het nie. Die rigting BCom: Ekonomie was nie aanbeveel vir Justus nie. Die volgende rigtings was wel aanbeveel: Ingenieurwese, Voedseltegnologie, Kernteologie, Brandweertegnologie en Landbou. Justus kon moontlik suksesvol gewees het in sy studies, as hy genoegsaam aandag geskenk het aan die aanbevelings van studierigting en as hy meer gedissiplineerd en harder gewerk het en om sy studieoriëntering te verbeter. Volgens die Lewenskundigheds en –vaardighedsbehoeftevraelys het hy ook die vind en behoud van ‘n werk as ‘n probleemarea beleef wat ‘n aanduiding van swak deursettingsvermoë kon wees. **Terence R Warriess** was sedert 1994 tot 1997 ingeskryf vir die rigting MBCHB wat onsuksesvol was aangesien eksamenweiering en vakke wat gestaak was voorgekom het. Hy het in 1998 oorgeskakel na BSc: Mensfisiologie en sy inskrywing is gedurende 1999 jaar opgeskort. Geneeskundige rigtings was wel vir Terence aanbeveel, maar op die Technikon (Nasionale Diploma in een van die volgende rigtings: Voedseltegnologie, kernteologie en Geneeskundige Tegnologie). Die rigting MBCHB was dus nie op universitêre vlak aanbeveel sonder verbetering van al sy skolastiese vakke nie en die neem van wiskunde op hoërgraadvlak. In die lig van dié genoemde aanbevelings wat moes aandag geniet het, kan sy onsuksesvolle universitêre studie moontlik verklaar word. **Betram K Damon** het in 1993 tot 1994 die rigting BLC gestudeer, maar sy studies was onsuksesvol omrede hy nie tot die volgende studiejaar bevorder was nie en het sy studies dus nie voortgesit nie. Volgens die aanbevelings wat vir Betram gemaak was, kon hy alleenlik aan ‘n universiteit gaan studeer het indien hy sy vakprestasiës veral in Biologie en Ekonomie kon verbeter het en indien hy bereid was om hard te studeer op universitêre vlak. Technikonrigtings was hoofsaaklik vir hom aanbeveel, naamlik: Nasionale Diplomas in Skakelwerk of Biblioteek en Inligtingkunde. Die rigting BA met Geskiedenis, Inligtingkunde en Kriminologie was op universiteitsvlak aanbeveel indien hy toelating tot ‘n universiteit sou kry. Alhoewel Betram toegang tot die UP gekry het, was hy moontlik onsuksesvol in sy studies omrede hy moontlik nie hard genoeg gewerk het nie en te min aandag geskenk het aan die aanbevelings in sy graad twaalfjaar.

Bespreking van 1993 se Jaargroep: Hierdie jaargroep se individuele verslae is nie beskikbaar nie en sal nie bespreek word nie.

Tabel 4.6: Programverloop: die 1994 jaargroep

Skole: Kandidate wat deelgeneem het:	Eersterust Sekondêr Nommer Een en Prosperitas (Eersterust Sekondêr Nommer Twee) 33 Matrikulante: 14 Seuns en 19 Dogters
Belangstellingsbeeld: <i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i>	Bespreking: Die dogters en seuns het beide voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op die onderrig, opleiding, inligting, hulpverlening en dienslewering (Malan, 1994:3). Die dogters van 1993 se (SOV) profiel het sterker vertoon as die 1994 groep, met artistiek as die enigste uitsonderingsfaktor. Die seuns van 1993 het ook sterker vertoon as die 1994 groep, met die realistiese faktor as die enigste uitsonderings geval (Malan, 1994: Bylaag H).
Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld: <i>Die Persoonlike-, Huislike-, Sosiale- en Formele verhoudingsvraelys (PHSF)</i>	Bespreking: Volgens die 'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag', (Malan, 1994:3) het die dogters se persoonlike-, sosiale- en formele verhoudings oor die algemeen gemiddelde profiel aanpassings getoon. Hulle profiele van gesondheid, gesinsinvloede en persoonlike vryheid het onder-gemiddelde aanpassings getoon. Sosialiteit individueel en die leunskaal het by die dogters bo-gemiddelde profiel aanpassings getoon. Die seuns se persoonlike-, huislike, sosiale- en formele verhoudings het oor die algemeen gemiddelde tot bo-gemiddelde profiel aanpassings getoon. Gesondheid het onder-gemiddelde profiel aanpassing getoon. Die seuns se profiel van sosialiteit individueel, sosialiteit groep, selfvertroue, eiewaarde en die leunskaal het bo-gemiddelde aanpassings getoon (Malan, 1994:3). Die dogters van 1993 se (PHSF) profiel het sterker vertoon as 1994, met die uitsonderings van gesinsinvloed, sosialiteit groep en die leunskaal. Die seuns van 1994 se profiel het hoër vertoon as 1993 se profiel. Die enigste uitsonderings was die faktore senuweeagtigheid en gesondheid (Malan, 1994:Bylaag: J).
Studiebeeld: <i>Die Opname van studiegewoontes en houding-vraelys (OSGH)</i>	Bespreking: Die dogters het oor die algemeen 'n profiel van gemiddelde tot hoë gemiddelde profiel studiegewoontes en -houdings getoon. Die hoë gemiddelde studiegewoontes was die volgende ten aansien van die dogters: onderwysergoedkeuring aanvaarding van onderwys, studiehouding en studiegeoriënteerdheid. Die seuns het gemiddelde profiel studiegewoontes, werkmetode en studiegeoriënteerdheid getoon. Die seuns se profiel van vermyding van uitstel toon onder-gemiddelde gewoontes en houdings. Hulle onderwysergoedkeuring, aanvaarding van die onderwys en studiehouding het ook bo-gemiddelde aanpassings getoon (Malan, Jaarverslag, 1994:3). Die dogters van 1994 se (OSGH) profiel het sterker vertoon as die 1993 groep, met faktor vermyding van uitstel as uitsondering. Die seuns van 1994 se (OSGH) profiel het op alle faktore sterker vertoon as die 1993 groep (Malan, 1994:Bylaag: I).
Aanlegbeeld: <i>Die Skolastiese aanlegtoets (ASAT)</i>	Bespreking: Die seuns het 'n sterker algemene verstandelike vermoë as die dogters getoon (verskil van 7 tellings). Die seuns se verbale en nie-verbale aanleg was sterker as dié van die dogters. Die seuns en dogters was beide sterker verbaal as nie-verbaal

	aangelê. Die seuns se profiel van woordanalogieë was gemiddeld die hoogste. Die dogters se patroonvoltooiing was gemiddeld die hoogste (Malan, 1994:4).
Lewenskundigheids- en vaardigheidsbeeld: <i>Vraelys vir Lewenskundighede en -vaardighede</i>	Bespreking: Die voorligtingsbehoefte van die 1994 groep voornemende UP-kandidate van Prosperitas sekondêre skool was ietwat hoër as in 1992. Die grootste behoefte was aan Loopbaanbeplanning en –ontwikkeling (14.34). Die tweede grootste behoefte was aan Gemeenskaps- en Sosiale ontwikkeling (11.00). Die kleinste behoefte was aan Persoon- en Selfontwikkeling (8.38) (Malan, 1994:1). Ter samevatting kan gekonstateer word dat die grootste voorligtingbehoefte by al die jaargroepe telkens was aan Loopbaanbeplanning en –ontwikkeling. Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ het derhalwe die voornemende UP-kandidate se grootste voorligtingsbehoefte aangespreek deur die wyse waarop persoons- en loopbaanverkenning te werk gegaan is om voorligting en berading aan dié leerders aan te bied.

Kommentaar en aanbevelings:

Die volgende vyf UP-studente was gedurende 1994 graad twaalfleerders en het deelgeneem aan die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ (Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Jaarverslag, 1994 vir die skoolinligting): **Ronel De Laura** het vanaf 1995 tot 1998 die kursus BCom: Menslike Hulpbronbestuur gestudeer en het voldoen aan die studierigtingsvereistes. Gedurende 1994 is daar deur die programaanbieder vir haar die volgende rigtings aanbeveel: BA met Sielkunde, Kriminologie en Inligtingkunde as vakke; BA met spesialisering in Musiek en BMus (Ed) vierjarige kursus gevolg deur ‘n Hoër Onderwysdiploma. Ronel het soos blyk uit die gegewens ‘n ander rigting gestudeer as wat vir haar aanbeveel was. Die verwerwing van die volgende lewensvaardighede is ook vir Ronel aanbeveel: streshantering, entrepreneurskap en selfbestuursvaardighede. Sy was ook aangewese op studieoriëntering, die in-diepte loopbaanverkenning aan die hand van die loopbaanstudiememorandum, werksontledingsvraelys en die selfhelpskaal (“Easy Steps”). Ronel was ook aangewese op steun ten einde die verwerwing van ‘n positiewe selfbeeld. Ronel was dus suksesvol in haar studie poging. **Eddie M Malan** het vanaf 1995 tot 1997 die kursus Natuurwetenskappe: Verlengde P gestudeer, maar sy inskrywing is opgeskort. Die volgende rigtings was deur die programaanbieder vir Eddie aanbeveel vir universiteitsopleiding: BCur, B Radiografie, Hoër Onderwysdiploma: Algemeen en ‘n Diploma in Verpleegkunde: SG Lourens Verplegingskollege. Die volgende kursusse was aanbeveel vir tehikonopleiding: Nasionale Diplomas in Mediese Tegnologie, Omgewingsgesondheid, Geneeskundige Laboratoriumtegnologie, Geotegnologie en Brandweertegnologie. Eddie moes ook aandag skenk aan die volgende aanbevelings: die verwerwing van die volgende lewensvaardighede: studievaardighede, selfvertroue en selfhandhawing, selfkontrole, selfbestuur en streshantering. Hy moes ook in-diepte loopbaanverkenning doen aan die hand van die werksontledingsvraelys, beroepstudiememorandum en

selfhulp skaal ("Easy Steps"). Eddie was moontlik nie suksesvol in sy studies nie omrede hy nie genoegsaam aandag geskenk het aan die aanbevelings nie. **Brandon F Jones** het sedert 1995 tot 1997 die rigting BIng (Elektroniese Ingenieurswese) gestudeer. Hy moes om hertoelating aansoek doen en het in 1998 sy studierigting verander na Natuurwetenskappe: Spesiaal en is gedurende 1999 ook daarvoor ingeskryf. Die volgende rigtings was vir hom aanbeveel: BSc Plantkunde, BSc met spesialisering in Aardwetenskappe, Geografie, Geotegniek, Geologie en Grondkunde. B Landskapsargitektuur en BS & S Stads- en Streeksbeplanning. Brandon moes hom vergewis van die keurings- en toelatingsvereistes deur veral die jaarboeke te bestudeer. Hy was ook aangewese op studieoriëntering en moes aandag skenk aan stres hantering, entrepreneurskap en selfbestuur en effektiese tyd benutting. Brandon het moontlik nie die regte studierigting keuse gemaak nie en moes meer aandag geskenk het aan die aanbevelings. **Eleanor H Jaftha** het vanaf 1995 tot 1996 die rigting Hoër Onderwysdiploma: Algemeen gestudeer. Sy moes aansoek doen om hertoelating en het in 1997 nie weer kom registreer nie. Die volgende aanbevelings was voorgestel aan Eleanor: BA (Ed) Skoolvoortligting, BA (Ed) Algemeen, BA (Ed) opleiding gevolg deur BEd gevolg deur BEd (Psig) opleiding. Sy het dus ag gegee op die voorgestelde studierigtings. Eleanor moes ook aandag skenk aan die volgende lewensvaardighede: Stres hantering, entrepreneurskap, verwerwing van 'n eie identiteit, tyd- en selfbestuur en probleemoplossing en besluitneming. Sy het moontlik nie genoegsaam aandag geskenk aan die aanbevelings nie en dit kon bydraend wees tot die onsuksesvolle studies. **Michelle R Louw** het vanaf 1995 die rigting BCom: Informatika gestudeer en in 1996 oorgeskakel na BCom: Rekenkundige Wetenskappe en het in 1998 voldoen aan studierigtingsvereistes. Michelle het aandag geskenk aan die aanbevelings aan haar, aangesien BA met hoofvak met Inligtingkunde en Informatika en tale, asook die Technikon kursusse (Nasionale Diploma: Inligtingstechnologie en Nasionale Diploma: Rekenaarstelsels) vir haar aanbeveel was. Sy het dus 'n keuse gemaak vanuit die aanbevole studierigtings gemaak aan haar.

Die groepsresultate van die 1995 Jaargroep was gedurende 1999 beskikbaar gestel deur die 'Departement Statistiek' van UP en sodoende sal daar gedurende die bespreking van die 1995 Jaargroep nie verwysings wees nie. In alle gevalle sal die verwysings dus die Departement Statistiek van UP impliseer.

Tabel 4.7: Programverloop: die 1995 jaargroep

Skole: Kandidate wat deelneem het:	Eersterust Sekondêr Nommer Een en Prosperitas 26 Matrikulante; 12 Seuns en 14 Dogters
Belangstellingsbeeld: <i>Die Selfondersoekvraelys (SOV)</i>	Bespreking: Die dogters het voorkeur gegee aan sosiale beroepe wat gerig is op onderrig, opleiding, inligting, hulpverlening en dienslewering. Die seuns het voorkeur gegee aan ondersoekende beroepe wat gerig is op die simboliese, sistematiese en kreatiewe ondersoek van fisiese, biologiese en kulturele fenomene.
Persoonlikheids- en verhoudingsbeeld: <i>Die Persoonlike-, Huislike-, Sosiale- en Formele verhoudingsvraelys (PHSF)</i>	Bespreking: Die dogters se persoonlike-, huislike-, sosiale en formele verhoudingsprofiel het oor die algemeen onder-gemiddelde tot gemiddelde verhoudings getoon. Gesinsinvloed het die laagste gemiddelde getoon. Selfbeheer, senuweeagtigheid en die leunskaal het die hoogste gemiddeldes getoon. Die seuns se profiel van die persoonlike-, huislike-, sosiale en formele verhoudings het oor die algemeen onder-gemiddelde tot bo-gemiddelde verhoudings getoon. Gesondheid het die laagste gemiddeld getoon en eiewaarde en die leunskaal die hoogste gemiddelde.
Studiebeeld: <i>Die Opname van studiegewoontes en houding-vraelys (OSGH)</i>	Bespreking: Die dogters het oor die algemeen onder-gemiddelde profiel studiegewoontes en houdings geopenbaar. Hulle werkmethode het gepresenteer as die laagste gemiddeld en die aanvaarding van die onderwys as die hoogste gemiddeld. Die seuns het oor die algemeen gemiddelde profiel studiegewoontes- en houdings geopenbaar. Die studiegewoontes was die laagste gemiddeld en aanvaarding van die onderwys die hoogste gemiddeld.
Aanlegbeeld: <i>Die Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)</i>	Bespreking: Die dogters en seuns het gepresenteer met dieselfde algemene verstandelike vermoëns. Die seuns se verbale aanleg was sterker as dié van die dogters. Die dogters se nie-verbale aanleg was sterker as dié van die seuns. Die dogters se nie-verbale aanleg was sterker as hulle verbale aanleg. Die seuns se verbale aanleg was sterker as hulle nie-verbale aanleg.
Lewenskundigheids- en vaardiheidsbeeld: <i>Vraelys vir Lewenskundighede en -vaardighede</i>	Bespreking: Gedurende 1995 was dié vraelys nie ingeskakel deur die programaanbieder nie.

Kommentaar en aanbevelings:

Die profielverspreidings van die 1994 seuns- en dogters groepe teenoor 1995 is nie beskikbaar nie en sal nie bespreek word nie. Die volgende twee UP-studente was gedurende 1995 in graad twaalf en het deelgeneem aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' (Eersterustprojek Voorligtingsverrykings-program Jaarverslag, 1995 vir die skoolinligting): **Duane P R Fisher** was gedurende 1998 ingeskryf vir BSc: Natuurwetenskappe, hy het egter sy studies nie voltooi nie en gestaak. Die programaanbieder het in sy loopbaanoriënteringsverslag die volgende vir hom aanbeveel; Duane kon die volgende rigtings oorweeg het, indien sy skolastiese prestasies verbeter het: Nasionale Diploma: Parke en Rekreasiebestuur, BSc

Agric Veekunde en BSc Suiwer: Verlengde kursus. Alvorens hy die BSc rigtings kon volg, was aanbeveel dat hy eers die 'Renaissance' Opleidingsgeleentheid deurloop het aan UP. Die volgende was ook vir hom aanbeveel en kan moontlik sy onsuksesvolle na-skoolse studies verklaar indien hy nie ag geslaan het op die aanbevelings nie: Duane moes aandag skenk aan sy skoolvakke; hy was aangewese op studieoriëntering en sy houding moes positief word daarteenoor; hy moes in-diepte loopbaanverkenning doen aan die hand van die werksontledingsvraelys, beroepstudiememorandum en die selfhelpskale ("Easy steps") en Duane moes gesteun word in die verwerwing van 'n positiewe selfkonsep. **Eulanda N Malatji** was gedurende 1997 ingeskryf vir BIng (Chemiese Ingenieurswese), maar haar inskrywing was diéselwde jaar opgeskort. Die volgende aanbevelings is aan Eulanda tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' gemaak: Indien haar skolastiese prestasies sou verbeter kon sy die rigtings Nasionale Diploma: Voedsel en Voeding en die Nasionale Diploma in Omgewingsgesondheid volg, asook die Diploma in Verpleegkunde aan die Lebone Verplegingskollege of die SG Lourens Verplegingskollege. Eulanda het dus 'n ander rigting gaan studeer as wat vir haar aanbeveel was. Moontlik was haar studies deels onsuksesvol omrede sy nie genoeg aandag geskenk het aan die volgende aanbevelings wat aan haar gemaak was nie: Sy was aangewese op studieoriëntering, sy moes in-diepte loopbaanverkenning doen aan die hand van die werksontledingsvraelys, loopbaanstudie-memorandum en die selfhelpskale ("Easy steps") en sy moes gesteun word in die verwerwing van meer verantwoorde waardes.

Bespreking van 1996 se Jaargroep: Hierdie jaargroep se individuele inligting is nie beskikbaar nie en sal gevolglik nie soos die voorafgaande jaargroepe bespreek word nie.

Ses-en-twintig leerlinge, waaronder dertien dogters en dertien seuns van die twee betrokke sekondêre skole te Eersterust het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' in 1996 deelgeneem. Individuele onderhoude is weer eens met die kandidate gevoer.

Ten einde die resultate van bogenoemde psigometriese asseseringsprogram sinvol in die voorligtingsituasie te benut, is 'n loopbaanoriënteringsverslag en persoonsprofiel vir elke individuele kandidaat (wat aan die vereistes voldoen het om 'n voornemende UP-kandidaat te moes wees en oor universiteitstoelating beskik het) geskryf met bepaalde aanbevelings wat onder meer verwysings na die studentediensburo en loopbaanverkenning ingesluit het. Die twee betrokke skole se voorligtingonderwysers het die verslae jaarliks ontvang om vir hulle van nut te wees in die voorligtingsproses. Hierdie genoemde individuele profielblad van die resultate is saam met die meegaande verslag ook jaarliks aan die studentediensburo oorhandig vir opvolgwerk. Du Toit van die studentediensburo het terugvoering gegee dat die kandidate aangemeld het vir Studieoriëntering a) Individuele voorligting en Berading en b) Groepsbespreking.

Die Voorligtingsverrykingsprogram was soos geblyk het uit bogenoemde bespreking omvattend, ten einde die voornemende UP-kandidate voor te lig en voor te berei en hulle menswees te verryk dat hulle voldoende bemagtig sal wees vir die tersiêre studies wat vir hulle voorlê. Hierdie program onder bespreking gaan in Hoofstuk Vyf volledig van nader beskou en geëvalueer word, ten einde die waarde daarvan vir die Eersterust-jeugdige aan te dui.

4.5 SINTESE

Die Universiteit van Pretoria het volgens die **'Raamwerk vir strategiese beplanning, 1993-1997'** (Universiteit van Pretoria, 1993:8) die doelwit om potensiële studente te verwerf en sodanige studente se potensiaal te ontwikkel en toegang te verleen tot tersiêre opleiding: *"Daar is nie alleen probeer om voornemende studente met akademiese potensiaal te identifiseer en te verwerf nie, maar ook om deur middel van uitreikprogramme leerlinge op skool te help om toegang tot na-sekundêre opleiding te verkry en na verdienste toelating aan die Universiteit van Pretoria te verwerf"*. In hierdie hoofstuk is die Universiteit van Pretoria se **'Onderwysverrykingsprogram'** en veral die **'Voorligtingsverrykingsprogram'** aan die Bruinjeugdige en sy opvoeders te Eersterust in oënskou geneem, ten aansien van die ontstaangeskiedenis en die rasionaal daarvan. Die **'Voorligtingsverrykingsprogram'** het kortliks ten doel gehad om na aanleiding van volledige psigometriese assessering, veral die standaard sewe leerders (graad nege leerders) van hulp te wees in hul vakkeuses en die voornemende standaard nege leerders en die matrikulante (grade elf- en twaalfleerders) vir persoons- en loopbaanvoorligting en berading.

Die jaargroepe vanaf die begin van dié **'Voorligtingsverrykingsprogram'** (1989) tot die jaargroepe van 1996, is telkens bespreek met betrekking tot die hoeveelheid kandidate wat betrokke was, asook die assersingsmedia wat ingeskakel was en die aanbevelings wat aan elke kandidaat gemaak is. Die navorser het ook gepoog om te bepaal of die betrokke kandidate wel aandag geskenk het aan die aanbevelings. Derhalwe is daar beskryf hoeveel voornemende UP-kandidate wel aan die Universiteit van Pretoria kom studeer het en in watter spesifieke rigtings. Hierdie genoemde projek het as gemeenskapsdiens gedien en is daar in die hoofstuk gewys op die onderwysvennootskappe wat tussen die Universiteit van Pretoria, die twee sekondêre skole in Eersterust en die **'Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing'** gesluit was. Die **'Voorligtingsverrykingsprogram'** as tema van dié studie se wetenskaplike navorsingsmetode(s) wat gevolg is, sal van nader beskou word in Hoofstuk Vyf en sal daar 'n waardebeplanning van dié program gemaak word.